

HOOFSTUK 2

PERSONE MET GESTREMDHEDE IN KONTEKS:

Gestremdheid en die Westerse geskiedenis – 'n bondige oorsig

*Most of the greatest evils that man has inflicted upon man have come through people
feeling quite certain about something which, in fact, was false.*

- Bertrand Russell

- 1. Inleiding**
- 2. Gestremdheid as simbool van sonde en straf (Ou-Testamentiese tyd tot Middeleeue)**
 - 2.1 Oudheid**
 - 2.2 Middeleeue**
- 3. Van Welsynsdiens tot institusionele uitsluiting (Vroeë Moderne periode tot die 18de eeu)**
 - 3.1 Renaissance en die "wetenskaplike metode"**
 - 3.2 Die verband tussen armoede en gestremdheid**
 - 3.3 Die Verligtingsera en die verandering in denkrigting**
 - 3.4 Onderskeid tussen verstandelikgestremdheid en geestesiekte: Die totstandkomming van inrigtings vir geestesiektes**
 - 3.5 Skole vir dowes en blindes in die 18de eeu**
- 4. 19de eeu**
 - 4.1 Opvoedkundige ontwikkeling**
 - 4.2 Eerste Noord-Amerikaanse psigiatriese hospitale en residensiële skole**
 - 4.3 Die oorlading van inrigtings en ondergang van die morele behandelingsmetode**
 - 4.4 Die eerste inrigtings vir verstandelikgestremdes in die Verenigde State**
 - 4.5 Ontstaan van eugenetika**
- 5. 20ste eeu**
 - 5.1 Segregasie en die uitbou van die institusionele model oor persone met geestesgestremdhede**
 - 5.2 Politieke aktivisme en bewusmaking**
- 6. Gevolgtrekking**

1. Inleiding

Die mensdom se belewenis van gestremdhed is enigmaties. Alhoewel die mens dit lank reeds beleef en daarmee saam leef, word die “verskynsel” nie noodwendig begryp nie. Gestremdhed is ’n wêreldwye fenomeen wat ongeag die historiese tydvak, telkens afwisselend negatiewe gevolge vir die gestremde persone inhou.¹ Een van hierdie gevolge is onderdrukking - onderdrukking van persone met gestremdhede - wat reeds in die vroeë Westerse beskawing voorgekom het. Die rede hiervoor is heelwaarskynlik opgesluit in die mite dat liggaam en gees volmaak moet wees.² Persone met gestremdhede staar weens hierdie opvatting onafwendbare vooroordeel in die gesig - ’n vooroordeel wat moontlik ook daaraan toegeskryf kan word dat gestremdhed die nie-gestremde aan sy eie verganklikheid herinner.

Tog is die opvattings oor gestremdhed nie eenduidig nie. Aan die een kant openbaar die geskiedenis ’n simpatieke gevoel teenoor persone met gestremdhede, ’n behoefte om te help en nood te verlig. Aan die ander kant is daar ’n neiging tot “sosiale beheer” oor persone met gestremdhede deurdat hulle van die samelewing uitgesluit word. So gesien, blyk dit dat die gemeenskap wegskram van, of homself verberg vir diegene wat as abnormaal beskou word en daarom nie “inpas” nie.³ Hierdie houding kom reeds voor onder die Ou-

¹ Albrecht G, Seelman KD & Bury M *Handbook of Disability Studies* (2001) 1; Bickenbach JE “Minority or Universal Participation: The Politics of Disablement” in Jones M en Marks AB (reds) *Disability, Divers-ability and Legal Change* (1999) 102; en paragraaf 4 van hoofstuk 1 *supra*.

² Barnes C in Barton L (red) *Disability and society: emerging issues and insights* (1996) 46.

³ Woodill G & Velche D “From Charity and Exclusion to Emerging Independence: An Introduction to the History of Disabilities” 1995 *Journal on Developmental Disabilities* 1.

Testamentiese gemeenskappe, Antieke Griekse en Romeinse beskawings en deur die Middeleeuse en Vroeg-Moderne Tydperk tot in die 20ste eeu. 'n Studie van hierdie beskouings en neigings soos dit in bepaalde tydvakke voorkom, bring belangrike verskille en sprekende ooreenkomste tussen die vroeëre en hedendaagse opvattings teenoor persone met gestremdhede na vore. 'n Bestudering van historiese sienswyses oor gestremdheid bring aan die lig dat hedendaagse opvattings oor persone met gestremdhede hulle wortels in die verre verlede het.

In wat volg, word tersaaklike historiese grepe behandel van gemeenskappe se opvattings oor gestremdheid, waaruit die vooroordeel teenoor en dominante samelewingsbeskouing jeens gestremdes blyk. Die historiese blik oor die opvattings oor gestremdheid is egter bloot oorsigtelik aangesien die oogmerk van hierdie hoofstuk bloot is om die tema van die proefskrif in konteks te plaas.

Soos uit paragraaf 2 van hierdie hoofstuk blyk, het die gemeenskap die geestesgestremde meestal gesien as mense wat van *duiwels* en *bose geeste* beset is. Hierdie opvatting het waarskynlik daarop neergekom dat bonatuurlike dierlike wesens by die verstandelik gestremde en geestesieke "intrek geneem het" weens hul sondige natuur of die sonde van hul ouers. Gestremdheid word gevvolglik as 'n simbool van sonde en straf beskou.⁴

Teen die 15de eeu het die sienings oor persone met gestremdhede, wat reeds in die vroeëre tydvakke inslag gevind het, met die aanvang van die tegnologiese ontwikkeling in Europa begin varieer. Gedurende hierdie tydperk het dit begin

⁴ Ook na verwys in die proefskrif as die sonde en straf sienswyse tot gestremdheid.

gebeur dat die “onaanvaarbare” mense in die samelewing enersyds weggesluit is in inrigtings, maar aan die anderkant was daar toenemend na hulle mediese behoeftes omgesien en gesoek na die werklike rede of oorsake vir gestremdheid.⁵ Een van die uitlopers van humanisme wat in hierdie era in die kuns neerslag gevind het, is die vooruitgang in die bestudering van anatomie en sielkunde deur onder andere Andreas Vesalius, Leonardo Da Vinci en William Harvey wat spesifiek fokus op die mens se liggaam insluitende die gehoor en gesigsvermoë.

Ondanks die vordering wat tydens die Renaissance⁶ met die studie van menslike gedrag gemaak is, het die geloof in 'n metafisiese verband tussen gestremdheid en onaanvaarbare gedrag (sonde) steeds voortgeduur. Geloof in die bonatuurlike en demonologie het in die 16de eeu in verskeie preke van die Hervormers Martin Luther en Johannes Calvyn voorgekom, waarin hulle na geestesiektes verwys as diegene wat deur Satan gemaak of deur Satan besete is.⁷ So het Martin Luther byvoorbeeld beweer dat hy die duiwel in 'n gestremde kind gesien het en voorgestel dat sulke kinders gedood word.⁸ Volgens Barnes was Luther die ouiteur van 'n derde van die boeke wat tussen 1517 en 1522 in Duitsland gepubliseer is. Hy wys daarop dat in die daaropvolgende 20 jaar meer as 430 uitgawes van hierdie protestanteliteratuur, wat toeganklik was vir die

⁵ Woodill G & Velche D 1995 *Journal on Developmental Disabilities* 12; en paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra*.

⁶ Braddock D & Parish S “An Institutional History of Disability” in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 21.

⁷ Colon D M “Martin Luther, the Devil and the Teufelchen: Attitudes toward Mentally Retarded Children in Sixteenth Century Germany” 1989 *Proceedings of the PMR (Patristic, Medieval, and Renaissance) Conference* 75 in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) *Handbook of Disability Studies* (2001) 21.

⁸ Barnes C in Barton L (red) (1996) 55.

middelklas wat nie Latyn magtig was nie, dwarsdeur Europa versprei is.⁹ Dit is dus nie vergesog nie om te aanvaar dat die siening aangaande gestremdheid en geestesiekte as straf vir sonde deur hierdie geskrifte verder in Europa versprei is.

Tog, soos uit die opmerkings wat volg blyk, het daar vanaf die Vroeë Moderne periode (die tydperk tussen die Middeleeue en die Industriële Rewolusie) tot die 18de eeu 'n klemverskuiwing oor die siening oor die oorsake van gestremdheid ingetree. Die geloof in die dierlike aard en besetenheid van geestesiektes en verstandelik-gestremdes¹⁰ wat die Renaissanceperiode voorafgegaan het, is vervang deur 'n soeke na biologiese oorsake en die behandeling daarvan.

Hierdie soeke na oorsake van gestremdheid lei die era van die mediese model van gestremdheid¹¹ in. Hierdie era word gekenmerk deur die institusionalisering, segregering en eugenetiese suiwering¹² van persone met gestremdhede en uiteindelik ook die skokkende eutanasieprojekte gedurende die Tweede Wêreldoorlog.

In die bespreking wat volg word armoede en gestremdheid van fisiese en geestelike aard dikwels saam hanteer. Die rede hiervoor is dat gestremdheid meestal met armoede gepaard gegaan het en die opvatting oor gestremdheid en armoede ineengeweef was. Insgelyks is daar nie 'n duidelik onderskeid getref

⁹ *Ibid.*

¹⁰ Sien in die verband paragraaf 6(b) van hoofstuk 1 *supra*.

¹¹ Sien paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra*.

¹² Sien in die verband die bespreking in paragraaf 5.1.1 *infra* van hierdie hoofstuk.

tussen die verskillende vorme van gestremdheid in die verskillende tydvakke nie. So is daar ook nie duidelik tussen persone met geestesiektes en diegene wat verstandelikgestremd was onderskei nie.¹³ Opvattings oor die een was dikwels op die ander een van toepassing. In die bespreking wat volg word hulle ook meestal saam onder die term geestesgestremdheid hanteer.

2. Gestremdheid as simbool van sonde en straf (Ou-Testamentiese tyd tot Middeleeue)

Volgens Braddock en Parish¹⁴ is dit 'n uitdaging om die Westerse geskiedenis van gestremdheid na te vors. Hulle wys daarop dat primêre bronne op die gebied van gestremdheidsgeskiedenis veral oor die periode voor die 19de eeu, besonder beperk is. Daar is min of geen historiese werke, wat enige lig werp oor die posisie van persone met gestremdhede binne die verskillende historiese tydvakke. Dit is waarom Bredberg¹⁵ die aanwending van primêre bronne bevraagteken. Sy is van mening dat die literatuur wat wel bestaan met versigtigheid hanteer moet word aangesien dit vatbaar is vir foutiewe aannames oor historiese gegewens. Die moontlikheid dat 'n tendens van beperkte omvang

¹³ Sien in die verband paragraaf 5 en 5(f) van hoofstuk 1 *supra*. Sien verder ook paragraaf 6(b) van hoofstuk 1 *supra* wat die begrippe geestesgestremdheid omskryf. Aangesien daar nie altyd duidelik in literatuur onderskei word tussen intellektuele/verstandelikgestremdheid en geestesiekte nie, word daar meestal in die studie na geestesgestremdheid as oorkoepelende term verwys. Vroeëre literatuur relevant tot die studie verwys egter na "verstandelike" gestremdheid eerder as "intellektuele" gestremdheid. Om hierdie rede word veral in hierdie hoofstuk die ouer term "verstandelike" gestremdheid gebruik wat die beskouing van die gemeenskap reflekter verwys.

¹⁴ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 12.

¹⁵ Bredberg E "Writing Disability History: Problems, Perspectives and Sources" 1999 *Disability & Society* 189.

oorskot word en tot onakkurate, ongeregverdigde veralgemening kan lei wat as gesaghebbend aangebied word, kan nie uitgesluit word nie.¹⁶ Met dit in gedagte word vervolgens enkele opmerkings gemaak oor die posisie van persone met gestremdhede in die verskillende aangeduide historiese tydvakke.

2.1 Oudheid

2.1.1 *Oergeskiedenis en Ou-Testamentiese perspektief*

Daar is antropologiese getuienis dat by die primaat-prehistoriese diermensgroep, groeplede met gebreke saam met lede sonder gebreke geleef en oorleef het. Besoerde diere kon in 'n groep oorleef, aangesien die groep hulp verleen het tydens die aanpassingsproses nadat 'n besering opgedoen is.¹⁷

Literatuur wat handel oor die behandeling en ervarings van gestremdes, gedurende die vroegste tye is besonder beperk. Alhoewel die antieke Joodse kultuur volgens Levitikus gestremdheid beskou het as die gevolg van sonde, en fisiek gestremdes op grond hiervan uitgesluit het van godsdiensstige rituele,¹⁸ het hierdie mense wat gewoond was aan

¹⁶ Gleeson BJ "Disability Studies: A Historical Materialist View" 1997 *Disability & Society* 179.

¹⁷ Berkson G *Children with Handicaps: A Review of Behavioral Research* (1993) 5.

¹⁸ Sien in die verband byvoorbeeld Levitikus 21 verse 16-24 "... Geeneen van jou nakomelinge met 'n liggaamlike tekortkomming mag ooit 'n offer aan God bring nie. Geen persoon wat 'n liggaamlike tekortkomming het, mag offer nie: geen blinde of kreupele of iemand met 'n misvormde gesig of liggaamsdeel, of met 'n gebreekte voet of hand, of met 'n boggel of 'n onderontwikkelde liggaam, of met 'n pêrel op die oog, met skurft of veluitslag, of 'n beskadigde geslagsdeel nie. . . Maar hy mag van die gewyde gawes eet, ook van die besondere gewyde gawes. Hy mag egter nie naby die voorhangsel of naby die altaar kom as hy 'n liggaamlike tekortkomming het nie. . ."

onderdrukking, nie kindermoord op gestremde baba of kinders toegelaat nie. In die Joodse gemeenskap was dit gebruik om gestremdes en siekes te versorg.¹⁹

In Levitikus 19 vers 14 word melding gemaak van die dowe en blinde persone.²⁰ Uit eerbied vir jou God mag jy nie 'n dowe persoon vloek of 'n hindernis in die pad van 'n blinde lê nie. Die gebooie en voorskrifte neergelê in Deuteronomium 27 bepaal in vers 18 dat daar 'n vloek rus op elkeen wat 'n blinde op 'n verkeerde pad lei. Dit bied gronde vir die gevolgtrekking dat die opdragte in die Ou Testament as voorskrif vir die nie-gestremde moes dien om die gestremde met naasteliefde te behandel. So is daar ook in Deuteronomium 15 vers 11 'n opdrag om welwillend teenoor dié in nood op te tree. Daar is dus aanduidings dat die Ou Testament liefde en barmhartigheid vir sover dit die swakte en gemarginaliseerde in die gemeenskap betref, hoog aanslaan. Die gestremde moet gevolgtrekking met begrip behandel en in die gemeenskap opgeneem word.

In skerp teenstelling hiermee is daar egter ook 'n Bybelse suggestie dat diegene wat die gebooie verbreek gestraf sal word met een of ander gestremdheid. In Deuteronomium 28 vers 15 en 28 tot 29 waarsku Moses dat diegene wat nie luister na die Here God nie en Hom nie gehoorsaam of volgens Sy gebooie en voorskrifte lewe nie, gestraf sal word. Volgens hierdie skrifgedeelte is die straf kranksinnigheid, blindheid en waansin.

¹⁹ Barnes C in Barton L (red) (1996) 53.

²⁰ Sien paragrawe 6(a)(vi) en (vii) van hoofstuk 1 *supra*.

Hierdie botsende beskouings oor gestremdheid in die Ou Testament lei tot teenstrydige vertolkings oor die Joods-Christelike siening oor gestremdheid.²¹ Volgens Gleeson²² word die Christelik-Joodse etiek verantwoordelik gehou vir die historiese onderdrukking van gestremdes. Die opvatting is dat aangesien die mens na die beeld van God geskep is, is enige persoon met 'n fisiese gebrek nie na Sy beeld geskape nie en gevoglik onvolmaak. So 'n persoon word dus met sonde vereenselwig. Hierdie opvatting wat 'n sterk gevoel van afkeur teenoor gestremdes in pre-moderne gemeenskappe openbaar, word deur skrywers soos Gleeson²³ gekritiseer. Hulle voer aan dat dit nie noodwendig die breë universele sosiale en religieuse konteks van die tyd weerspieël nie.²⁴

In literatuur wat na 2000 v.C. terugdateer, word gevind dat kinders gebore met oorerflike gebreke gebruik is om die toekoms van 'n gemeenskap te voorspel. In die Babiloniese streek (rofweg vandag bekend as die huidige Irak) het Chaldeeuse voorspellers 'n lys van geboortemisvormings, met hul spesifieke profetiese betekenis, bygehou. Die hoë voorkoms van 'n bepaalde misvorming by geboorte in 'n gemeenskap, is beskou as voorbode van wat die toekoms vir daardie gemeenskap inhoud.²⁵

²¹ Woodill G & Velche D 1995 *Journal on Developmental Disabilities* 12.

²² Gleeson BJ 1997 *Disability & Society* 186.

²³ *Ibid.*

²⁴ Gleeson B J 1997 *Disability & Society* 187.

²⁵ Warkany J "Congenital Malformations in the Past" 1959 *Journal of Chronic Disabilities* 84.

2.1.2 Antieke Griekse en Romeinse tyd

Die gemiddelde lewensverwagting van die antieke Griek en Romein was 37 jaar vir 'n vrou en 44 vir 'n man. Die algemene voorkoms van siekte,oorlog, swak voorgeboortelike sorg, wanvoeding en beserings wat tydens arbeid opgedoen is, het in die meeste gevalle een of ander gebrek of misvorming tot gevolg gehad. Garland merk op dat:²⁶

[L]ife in the ancient world was nasty, brutish, and short. The most privileged were those who happened to be freeborn, well-to-do males in perfect health. But the overwhelming majority did not, of course, belong to that ideal category.

Versorging van gestremdes was beperk tot die ryk Griek of Romein, terwyl die meerderheid fisiek- sowel as geestesgestremdes²⁷ in swak ekonomiese omstandighede geleef het. Gestremdes is meestal gemarginaliseer en van die samelewing uitgesluit.²⁸ Dit dra by tot 'n opvatting blykens historiese werke oor daardie tydperk dat moord op gestremde kinders blykbaar algemeen voorgekom het.²⁹ Volgens Barnes³⁰

²⁶ Garland R *The Eye of the Beholder: Deformity and Disability in the Graeco-Roman World* (1995) 11.

²⁷ Sien paragrawe 6(a) en (b) van hoofstuk 1 *supra*.

²⁸ *Ibid.*

²⁹ Mackelprang R W & Salsgiver R O "People with Disabilities and Social Work: Historical and Contemporary Issues" 1996 *Social Work* 7; Woodill G & Velche D 1995 *Journal on Developmental Disabilities* 1.

³⁰ Barnes C in Barton L (red) (1996) 52.

kan ons ook die verwantskap tussen sonde en straf in die Griekse kultuur bespeur met verwysing na Sophokles se bekende verhaal van Oedipus Rex wat nadat hy besef dat hy met sy ma getrou het, homself verblind het as straf vir sy optrede. Later (ongeveer 146 v.C.) toe die Romeine die Grieke oorwin het, is baie van die Griekse kultuur wat deur die Romeine oorgeneem is, aan die res van die wêreld oorgedra.

Volgens Warkany³¹ het die antieke Grieke en Romeine kindermoord weens ekonomiese redes gepleeg. Te veel kinders in 'n arm familie, was waarskynlik die rede hiervoor. Die Spartane het ongeag die familie se welstand kindermoord gepleeg wanneer 'n kind met 'n sigbare fisiese gestremdheid gebore is,³² terwyl Atheners aan die anderkant geneig was om "gebreklike" kinders³³ te onderhou en groot te maak.³⁴ Tog blyk dit uit ander bronne dat kindermoord nie so wyd voorgekom het as wat voorheen geglo is nie.³⁵

Die redes vir en voorkoms van kindermoord is egter onseker. Tog kan ons uit die geloofsoortuiging van die tyd aflei dat die geboorte van 'n kind met 'n sigbare fisiese gestremdheid gesien is as straf vir die optrede van die ouers. Die aanstootlike gedrag van die ouers het die gode woedend

³¹ Warkany 1959 *Journal of Chronic Disabilities* 84.

³² Kennedy F "The problem of social control of the congenitally" 1942 *The American Journal of Psychiatry* 13; Warkany 1959 *Journal of Chronic Disabilities* 84.

³³ Sien paragrawe 5(c) en 5(d) van hoofstuk 1 *supra*.

³⁴ Garland R (1995) 15.

³⁵ Bredberg E 1999 *Disability & Society* 192.

gemaak. Die gode het uiting gegee aan hierdie woede deur die geboorte van 'n gestremde kind.³⁶ Om die gode dan te bevredig is die gestremde baba gedood en as offer aan die gode opgedra. Striker verduidelik dat:³⁷

aberrancy with the species not only threatens the future and continuation of this species, but also announces, threatens, signifies a condemnation by the gods: a condemnation of the group . . . aberrancy within the corporeal order is aberrancy in the social order.

Kindermoord was slegs beperk tot babas met sigbare gebreke. Kinders met gehoor, sig en verstandelike gebreke³⁸ is egter nie gekategoriseer as "gebreklik" nie, en het gevvolglik kindermoord vrygespring. Kinders met ernstige verstandelike gebreke wat reeds vroeg opgemerk kon word, was egter 'n uitsondering op die reël en is gedood.³⁹

Ongeag van wat tot dusver oor moord op gestremde babas gesê is, beteken dit natuurlik nie dat geen persone met gestremdhede in die gemeenskap voorgekom het nie. Gestremdes het algemeen voorgekom aangesien siektes en oorloë baie gevalle van gestremdheid tot gevolg gehad het. Wat betref persone wat in 'n oorlog beseer is, is Griekse soldate wat op die slagveld beseer is nie noodwendig van militêre diens verskoon nie. Daar is van dié soldate verwag om aan te hou veg indien 'n besering

³⁶ Woodill G & Velche D 1995 *Journal on Developmental Disabilities* 11.

³⁷ Striker H A *History of Disability* (1997) 40 vertaal deur Sayers W.

³⁸ Sien paragrawe 5(d); 6(a) en 6(b) van hoofstuk 1 *supra*.

³⁹ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001)15.

opgedoen is, aangesien beweeglikheid nie 'n voorvereiste vir deelname was nie.⁴⁰ Alhoewel dit op grond hiervan voorkom of die Griekse wrede en onmenslik teenoor hul eie soldate opgetree het, is daar bewyse dat pensioen toegestaan is aan Griekse soldate wat gestremd gelaat is weens beserings. 'n Griekse soldaat wat tydens 'n oorlog gewond, beseer en gevolglik gestremd gelaat is, kon vir pensioen kwalifiseer. So ook kon ander gestremdes in die gemeenskap voedsel kry, indien hulle kon aantoon dat hulle ekonomies behoeftig was.⁴¹ Die gevolgtrekking wat Edwards met betrekking tot die status van gestremdes gedurende die antieke Griekse tydperk maak, is selfverduidelikend:⁴²

The consequences of physical handicaps varied according to the context and to the individual. Without a codified notion of "able-bodied" on the one hand and "disabled" on the other, people were not automatically assigned to one category or the other on the basis of medical diagnosis or appearance. . . We see very few instances in which people with physical handicaps were banned a priori from certain roles . . . people with disabilities in Greek society were integral to society. There is no indication that people with physical handicaps in the ancient Greek world identified themselves or were identified as a distinct minority group.

⁴⁰ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001)16.

⁴¹ Woodill G & Velche D 1995 *Journal on Developmental Disabilities* 11. Hier kan moontlik al tekens van die maatskaplike welsynsbenadering bespeur word. Sien in die verband ook paragraaf 3.1 van hoofstuk 1 *supra*.

⁴² Edwards M L "Deaf and Dumb in Ancient Greece" in Davis L (red) *The Disability Studies Reader* (1997) 43. Sien ook die bespreking in paragraaf 4 van hoofstuk 1 *supra* oor die definisie van gestremdheid asook paragraaf 6(a) van hoofstuk 1 *supra* oor fisiese gestremdheid.

In die Romeinse Ryk is slawe wat kort van gestalte⁴³ was en die met verstandelik-gestremdhede,⁴⁴ vir vermaaklikheidsdoeleindes in sirkusse gebruik. Sommige Romeinse keisers was daarvoor bekend dat hulle hulself met eksotiese en “groteske” kreature, wat slawe van kort gestalte ingesluit het, omring het. Daar is geglo dat hierdie mense spesiale magte besit het.⁴⁵ Ten spyte van die vermaaklikheidsmisdrywe het Romeine hul terselfdertyd bemoei met die ontwikkeling van mediese procedures om gestremdhede te voorkom of te genees.⁴⁶

Die Grieke en Romeine het “wetenskaplike” metodes gebruik om mense met gebreke te behandel.⁴⁷ Hippokrates (460 – 370 v.C.), ’n antieke Griek en vader van geneeskunde, was die eerste geneesheer wat die geloof in die bonatuurlike kragte wat siektes sou veroorsaak, verwerp het. Hippokrates het geneeskunde afsonderlik van die bygelowe van die tyd hanteer en aangevoer dat siekte nie deur die gode as straf opgelê is nie. Geneeskunde as vakgebied word so van filosofie en godsdiens en ander dergelike bespiegelinge losgemaak. Hippokrates het siekte eerder aan faktore soos omgewing, dieet en die leefstil van die persoon toegeskryf, as om dit as misterieuze ongesteldheid wat deur bonatuurlike kragte

⁴³ Sien paragraaf 5(h) van hoofstuk 1 *supra*.

⁴⁴ Sien paragraaf 6(b) van hoofstuk 1 *supra*.

⁴⁵ Viviers H “The Politics of Bodily Disability” (2005) 90(3) *Scriptura* 799.

⁴⁶ Woodill G & Velche D 1995 *Journal on Developmental Disabilities* 11. Hier kan tekens van die mediese model van gestremdhed bespeur word, sien in die verband paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra*.

⁴⁷ Barnes C in Barton L (red) (1996) 53.

veroorzaak word te verklaar.⁴⁸ Aristoteles (384 – 322 v.C.), ’n filosoof en wetenskaplike, het gehoorgebroke bestudeer,⁴⁹ terwyl Claudius Galen (129- 216 n.C.), ’n welbekende Griekse geneesheer in die Romeinse Ryk, gepoog het om epilepsie te genees.⁵⁰ Die Romeine het ook hidro- en fiksheidsterapie ontwikkel vir sekere gebreke opgedoen weens besering of verwonding. Hierdie behandeling was egter meestal net vir die rykes en invloedrykes beskore.

Kuratele is in die Romeinse reg ingestel om vermoënsbeskerming te verleen aan ’n persoon wat bevoeg was om ’n eie vermoë (boedel) te hê (*sui iuris*-persoon), maar vanweë ’n geestelike abnormaliteit of onstabiliteit⁵¹ geheel of gedeeltelik onbevoeg was om sy eie belangte behartig.⁵² Die Romeinse Twaalf Tafels van 450 v.C. het reeds twee forme van kuratele geken. Die een was vir verkwisters, en die ander vir geestesiektes (kranksinniges). Alhoewel kuratele oor geestesiektes (*cura furiosi*) deur Romeinse juriste bestudeer is, is praktiese vrae wat handel oor hoe geestesiekte bepaal word; waar die vasstelling van geestesongesteldheid sou plaasvind; en wie die aard van

⁴⁸ McCabe AE *A Byzantine encyclopedia horse medicine: the sources, compilation and transmission of the Hippocratica* (2007); en Smith WD *The Hippocratic tradition* (1979).

⁴⁹ Barnes C in Barton L (red) (1996) 53; Marx W *Introduction to Aristotle's theory of being as being* (1977); en Santas GX *Goodness and justice: Plato, Aristotle, and the moderns* (2001).

⁵⁰ Barnes C in Barton L (red) (1996) 53.

⁵¹ Sien paragraaf 6(b) van hoofstuk 1 *supra*.

⁵² Van Zyl DH *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg* (1977) 107.

geestesongesteldheid moes vasstel, nie beantwoord nie.⁵³ Dit is volgens Thomas nie duidelik of 'n derde vorm van kuratele ontstaan het, en of die bestaande twee vorme van kuratele oor geestesiekies en verkwisters uitgebrei is om kuratele oor gestremdes in te sluit nie.⁵⁴

Afgesien van die kuratele oor geestesiekies was kuratele ten opsigte van mense wat fisiek of verstandelik gestrem (*cura debilium personarum*), blind, doof of stom was, ook moontlik.⁵⁵ Die doel hiervan was om aan die persoon wat *sui iuris* was, maar weens fisieke of verstandelike gestremdheid nie behoorlik sy sake kon behartig nie, bystand te verleen. Die bevoegdhede van die kurator is bepaal nadat die aard en omvang van die gestremdheid vasgestel is. Literatuur wat handel oor dié vorm van kuratele is uiterst beperk.⁵⁶

Met betrekking tot dieselfde tydperk is dit ook ter sake om na die Nuwe Testament te verwys. Die Nuwe Testamentwerp verdere lig op die beskouing oor gestremdes in die tyd na die geboorte van Christus. Die genesingsverhale van die blinde man,⁵⁷ die verlamde man,⁵⁸ asook ander

⁵³ Thomas PhJ “*Cura debilium personarum*” 2005 *De Jure* 60.

⁵⁴ Thomas PhJ “Old age, legal certainty and *cura debilium personarum*” 2005 *Obiter* 691, 2005 *De Jure* 62.

⁵⁵ *Digesta Iustiniani* 27 10 2, 27 10 8; Van Warmelo P *An Introduction to the Principles of Roman Civil Law* (1976) 58; Winzer MA *The History of Special Education: From Isolation to Integration* (1993) 16. Sien in die verband ook paragraaf 6 a)(vi); 6(a)(vii) en 6(b) van hoofstuk 1 *supra*.

⁵⁶ Thomas PhJ 2005 *De Jure* 62 verwys na *Digesta Iustiniani* 1 18 14, 4 8 27 5, 5 2 2, 24 2 4, 24 3 2 2, 26 5 8 1, 47 10 17 11.

⁵⁷ Markus 8 vers 23. Sien ook paragraaf 6(a)(vi) van hoofstuk *supra*.

verhale van genesing soos dié van die melaatse man,⁵⁹ die man met die gebreklike hand,⁶⁰ die verstandelikgestremdes en geestesiekies wat beskou is as besetenes,⁶¹ die dowe man⁶² en die epileptiese seun⁶³ word aan die werking van die krag van God toegeskryf. Uit hierdie skrifgedeeltes kan afgelei word dat dit die gemeenskapsopvatting was dat oortreding van die gebooie (sonde), straf in die vorm van gestremdheid tot gevolg kon hê.

Hier teenoor getuig die uitsprake van Jesus Christus self van 'n teenstrydige opvatting oor hierdie saak. Op navraag van sy dissipels oor die rede vir die blindheid van die man wie se sig Hy herstel het, antwoord Hy dat die blindheid nie aan sy eie of sy ouers se sonde toegeskryf kan word nie.⁶⁴ Hierdie teenstrydige opvattings skryf Woodhill en Velche⁶⁵ toe aan 'n (verkeerde) Christelike beskouing dat daar 'n verband tussen gestremdheid en sonde bestaan. Die inhoud van die dissipels se navraag

⁵⁸ Markus 2 vers 1 tot 12. Sien ook paragraaf 6(a) van hoofstuk 1 *supra*.

⁵⁹ Markus 1 vers 40 tot 45; Mattheus 8 vers 1 tot 4 en Lukas 5 vers 12 tot 16.

⁶⁰ Markus 3 vers 1 tot 6; Mattheus 12 vers 9 tot 14 en Lukas 6 vers 6 tot 11. Sien paragraaf 5(c) van hoofstuk 1 *supra*.

⁶¹ Markus 5 vers 1 tot 20; Mattheus 8 vers 28 tot 34 en Lukas 8 vers 26 tot 39. Sien paragrawe 5(f) en 6(b) van hoofstuk 1 *supra* en paragraaf 1 van hierdie hoofstuk *supra*.

⁶² Markus 7 vers 31 tot 37 en Mattheus 15 vers 29 tot 31. Sien paragraaf 6 (a)(vii) van hoofstuk 1 *supra*.

⁶³ Markus 9 vers 14 tot 29; Mattheus 17 vers 14 tot 20 en Lukas 9 vers 37 tot 43. Sien paragraaf 5(j) en 6(d) van hoofstuk 1 *supra*.

⁶⁴ Johannes 9 vers 1 tot 3.

⁶⁵ Woodill G & Velche D 1995 *Journal on Developmental Disabilities* 12.

oor die rede vir die blindheid dui klaarblyklik aan dat hulle ook laasgenoemde beskouing gehuldig het. Dit was heeltemal in ooreenstemming met die antieke mens se siening aangaande bonatuurlike etiologie (oorsaakleer) ten opsigte van gestremdheid,⁶⁶ 'n siening wat, soos reeds aangetoon, uitdruklik deur Jesus verwerp is.

2.2 Middeleeue

Tydens die Middeleeue (wat geduur het vanaf nagenoeg die 5de eeu tot 13de eeu) was groot getalle mense gestremd as gevolg van wanvoeding en die hoë voorkoms van aansteeklike siektes. Hiermee saam het die omvang van armoede, beperkte lewensmiddele en die las wat gestremdes op hulle familielede geplaas het, tot bedelary geleei. Hieruit volg 'n interessante simbiotiese verhouding tussen armes, gestremdes en bedelaars. In die Middeleeue is die bestaan van armes as natuurlike deel van die sosiale orde aanvaar.⁶⁷ 'n Gestremde het 'n spesifieke plek in hierdie orde beklee. Armes en gestremdes het aan rykes die geleenthede gegee om goeie dade te verrig by wyse van aalmoese wat aan armes en gestremdes gegee is.⁶⁸

Die opvatting was dus nie dat God gepoog het om volmaak te skape nie en dat as 'n persoon met 'n gestremdheid gebore is dit bewys was dat God gefaal het nie.⁶⁹ Armoede is tradisioneel in Christelik-Europese lande met

⁶⁶ Black K *Healing Homiletic: Preaching and Disability* (1996) 29.

⁶⁷ Braddock D & Parish in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 22.

⁶⁸ Sien paragraaf 5(b) van hoofstuk 1 *supra*.

⁶⁹ Gleeson BJ 1997 *Disability & Society* 187.

volgelinge van Jesus geassosieer. Aalmoese aan armes is as 'n goeie daad in die oë van God beskou.⁷⁰ 'n Bedelaar wat aan 'n deur klop, is as 'n boodskapper van God, of selfs Christus in vermomming gesien. In hierdie konteks het persone met gestremdhede 'n betekenisvolle plek in die sosiale orde beklee.⁷¹ As deel van die armklas het hulle 'n bestaan deur bedel gevoer.⁷² Volgens Woodill en Velche⁷³ was dit vir 'n gestremde bedelaar makliker as vir 'n nie-gestremde bedelaar om 'n aalmoes van 'n ryke te ontvang. Gestremdheid was dus vir 'n arm bedelaar 'n bedekte seën.

Hierteenoor wys Braddock en Parish⁷⁴ daarop dat talle gevalle van gestremdheid gedurende die Middeleeue aan die gevolge van demoniese of bonatuurlike kragte toegeskryf is. In dieselfde tydperk waartydens hekse tereggestel is, is baie gestremdes ook vervolg. Geestesiektes het ook onder hierdie heksejagte, wat in die Hoog Middeleeue in ongeveer 1022 in Frankryk begin het, deurgeloop.⁷⁵ In die verband verklaar die boek *Malleus Maleficarum*⁷⁶ heelwat later in 1487 dat gebreklike kinders die gevolg is van

⁷⁰ Braddock D & Parish in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 22.

⁷¹ Gleeson BJ 1997 *Disability & Society* 187.

⁷² Braddock D & Parish S Parish in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 18.

⁷³ Woodill G & Velche D 1995 *Journal on Developmental Disabilities* 12.

⁷⁴ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 17.

⁷⁵ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 18.

⁷⁶ *Malleus Maleficarum* (wat in Latyn hamer teen die hekse beteken) is 'n bekende verhandeling oor hekse wat in 1486 deur Heinrich Kramer en Jacob Sprenger, twee Inkvisiteurs van die Katolieke Kerk, geskryf is. In die Hoog Middeleeue het hierdie verhandeling die handleiding van Inkvisiteurs en heksejagters geword.

moeders se betrokkenheid by toordery en heksery.⁷⁷ Ofskoon hierdie heksejagte in die Middeleeue voorgekom het, is dit later ook in koloniale Nieu-England voortgesit en talle vroue met geestessiektes is vir hekse aangesien en tereggestel.⁷⁸ Op grond hiervan word vermoed dat die primitiewe sienswyse van die samelewing oor gestremdes en die gevolglike belediging, krenking, ontmensliking, mishandeling en vervolging van gestremdes selfs ná die Middeleeue sou voortduur.

3. Van welsyn tot institusionele uitsluiting (Vroeë Moderne periode van ongeveer die 15de tot die 18de eeu)

3.1 Renaissance en die “wetenskaplike metode”

Gedurende die Renaissance is geestesiektes, sowel as verstandelik gestremde persone, met verskeie behandelingsmetodes beproef. Van houe teen die kop tot boor van gate in die skedel is aangewend om *stones of swartgal*, wat die toestand kwansuis veroorsaak het, “uit te dryf”.⁷⁹ Alhoewel hierdie “behandeling” vandag as erg onmenslik beskryf kan word, is daar tog 'n klemverskuiwing in oorsaakleer te bespeur, aangesien biologiese siekteoorsake en die behandeling daarvan in hierdie tydperk beklemtoon is.⁸⁰ Demonologie word dus nie as die enigste oorsaak van geestesiektes en verstandelikgestremdheid gesien nie.

⁷⁷ Barnes C in Barton L (red) (1996) 55.

⁷⁸ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 18.

⁷⁹ *Ibid.*

⁸⁰ Sien paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra* en die mediese model van gestremdheid.

Daar is vroeg in die moderne tydperk tussen die begrippe geestesiekte en verstandelikgestremdheid onderskei.⁸¹ In dié verband merk Andrews op dat definisies vir verstandelikgestremdheid en geestesiekte in die Vroeë Moderne tydperk in Engeland aangeteken is. Volgens hierdie definisies was die beskouing dat verstandelikgestremdheid vanaf geboorte voorgekom het, en relatief blywend van aard was.⁸² Geestesiekte, daarenteen, is beskou as 'n toestand wat eers later in die lewe ontstaan het en meestal van verbygaande aard was.⁸³

Die onderskeid tussen verstandelik gestremde persone en geestesiektes blyk ook uit hofrekords uit dieselfde tydperk in Engeland. In dié verband voer Neugebauer aan dat hofrekords onderskei tussen die regsonbevoegdheid van verstandelik gestremde persone wat "natural fools" en later "idiots" genoem is, en dié van 'n geestesiek persoon na wie as "non compos mentis" verwys is en wie se toestand later as "lunacy" beskryf is. Demonologie is ook nie as enigste oorsaak vir verstandelikgestremdheid in die howe in Engeland (so vroeg as die 13de tot 17de eeu) aanvaar nie.⁸⁴

⁸¹ Sien paragrawe 5(f) en 6(b) van hoofstuk 1 *supra*.

⁸² Sien paragrawe 5(f) en 6(b)(i) van hoofstuk 1 *supra*.

⁸³ Andrews J "Begging the Question of Idiocy: The Definition and Socio-Cultural Meaning of Idiocy in Early Modern Britain: Part I" in *History of Psychiatry* (1998) 65; en Digby A "Context and Perspectives" in Wright D & Digby A (reds) *From Idiocy to Mental Deficiency: Historical Perspectives on People with Learning Disabilities* (1996) 1. Sien ook paragraaf 6(b)(ii) van hoofstuk 1 *supra*.

⁸⁴ Neugebauer R "Mental Handicap in Medieval and Early Modern England: Criteria, Measurement and Care" in Wright D & Digby A (reds) (1996) 221. Sien ook paragrawe 5(f) en 6(b)(i) van hoofstuk 1 *supra*.

Die rede waarom tussen verstandelikgestremde en geestesiek persone onderskei is, is die uiteenlopende wyses waarop persone beskerm is ten einde hulle aanspraak op hulle eiendom te beskerm.⁸⁵ Hierdie wyses waarop eiendom hanteer is blyk (reeds uit die Vroeg Moderne tydperk) uit amptelike Engelse rekords wat 'n onderskeid tussen verstandelik gestremdes en geestesiekes tref:⁸⁶

The *Prerogativa Regis* in. . . the latter half of the thirteenth century endowed the Crown with specific responsibilities for protecting the person and property of individuals whose mental disabilities rendered them legally incompetent. Differentiation of "idiot" and "lunatics" by the *Prerogativa Regis* enabled the Crown to take custody and profits generated from lands owned by "idiots". In the case of individuals with mental illness, the Crown had the responsibility to ensure the safekeeping of lands held by "lunatics". The Crown, however, was not entitled to profits generated by the "lunatics' " lands that it supervised.

Pragmatiese toetse, eerder as demonologiese maatstawwe, is deur die Engelse howe toegepas om vas te stel of verstandelikgestremdheid of geestesiekte in 'n bepaalde geval voorhande was.⁸⁷ Hierdie toetse was daarop gemik om te bepaal of die betrokke persoon 'n realistiese begrip van sy omgewing gehad het, waarvoor intellek, oordeel en geheue aangewend moes word. Die *ad hoc*-ondervraging deur die Engelse howe het plaasgevind om te bepaal of die persoon geweet het wie hy was, hoe oud hy was en watter dag van die week dit was, en of die persoon tot twintig kon tel.

⁸⁵ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 22.

⁸⁶ Neugebauer R in Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 19.

⁸⁷ Digby A in Wright D & Digby A (reds) *Disabilities* (1996) 1.

3.2 Die verband tussen armoede en gestremdheid

Gedurende die Vroeg Moderne tydperk het die opvattings oor armoede verander. Terwyl dit gedurende die Middeleeue as 'n noodsaaklike toestand beskou is waarmee die armoedige geseënd was,⁸⁸ is dit in die Vroeë Moderne tyd toenemend negatief beoordeel en selfs as 'n vloek gesien. Hierdie stelselmatige verandering is min of meer teen die 16de eeu voltooi. Dié veranderende opvatting het ook in die reg neerslag gevind. Engeland se Poor Law van 1601, is as 'n keerpunt met betrekking tot die opvatting oor armes beskou, want met dié wetgewing is vir die eerste keer amptelik erken dat staatsingryping noodsaaklik was vir armes en persone met gebreke. 'n Wet van 1388 wat die Poor Law van 1601 voorafgegaan het, het onderskei tussen welsynsbystand vir die verdienslike ("deserving") teenoor die nie-verdienslike ("undeserving") persone.⁸⁹ Die verdienslike persone het welsynbystand ontvang, terwyl nie-verdienslike persone nie daarop geregtig was nie. Diegene wat wel op welsynsbystand aanspraak gemaak het, is met agterdog bejeën. Sulke persone se aanspraak is nie sonder meer aanvaar nie en hulle het 'n moeilike taak gehad om hulle aanspraak te bewys, aangesien

⁸⁸ Sien paragraaf 5(b) van hoofstuk 1 en paragraaf 2.2 van hierdie hoofstuk *supra*).

⁸⁹ Sien paragraaf 3.1 van hoofstuk 1 *supra* en die maatskaplike welsynsbenadering; en paragraaf 5.4.1 van hoofstuk 5 *infra*. Bickenbach JE in Jones M en Marks AB (reds) (1999) 107 voer aan dat die leerstuk om te bewys dat jy 'n verdienslik persoon met 'n gestremdheid is "... first saw the light of day in the English Poor Law . . .". Dit word ook later in die ADA (paragraaf 5 van hoofstuk 5 *infra*) gevind waar persone met 'n gestremdheid wat nie kwalifiseer as 'n gestremde nie (volgens die definisie van gestremdheid in die ADA), uitgesluit word van beskerming kragtens die ADA.

daar vasgestel moes word of hulle werklik hulpbehoewend was.⁹⁰ Die Poor Law van 1601 het armes en ander behoeftiges verplig om self verantwoordelikheid vir hulle lewensomstandighede te aanvaar. Volgens Rushton⁹¹ toon Engelse administratiewe rekords oor die versorging van armes aan dat mense met verstandelikgestremdhede ingevolge die Poor Law bygestaan is. Indien selfversorging onmoontlik was, is die familie van die behoeftiges verplig om finansiële bystand te verleen. Waar nie op familie staatgemaak kon word nie, moes die plaaslike gemeenskap die verantwoordelikheid aanvaar om “[c]ompetent sums of money for and towards the necessary relief of the lame, impotent, old, blind, and such other among them” te bewillig.⁹²

Die veranderende opvattingsoor armes het teen 1657 uitgeloop op 'n verbod op bedelary in die strate van Parys. Hierdie verbod het meegebring dat armes en gestremdes gemarginaliseer en van die samelewing uitgesluit was. Uitsluiting van die sosiale orde het noodwendig meegebring dat 'n eeu-oue bron van inkomste uit bedelary en aalmoese afgesny is.⁹³

Gedurende die Vroeg Moderne en Renaissance tydperke het 'n situasie ontwikkel waarin bystand vir hulpbehoewendes uit meerdere bronne,

⁹⁰ Barnes C in Barton L (red) (1996) 55.

⁹¹ Rushton P “Idiocy, the Family, and the Community in Early Modern Northeast England” in Wright D & Digby A (reds) (1996) 44.

⁹² 43 Koningin Elizabeth I 1601 soos aangehaal in Axinn J & Levin H *Social Welfare: A History of the American Response to Need* (1982) 10. Sien in die verband ook die bespreking in paragraaf 3.1 van hoofstuk 1 *supra* oor die maatskaplike welsynsbenadering.

⁹³ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 22.

byvoorbeeld die gemeenskap, die familie, instellings met mediese fasiliteite en godsdienstige organisasies beskikbaar gestel is. Verstandelikgestremdes het gewoonlik in die gemeenskap by hulle families gewoon waar hulle versorg is. Rushton se ondersoek van welsynsrekords bevind dat die versorgingsplig van die familie in die tydperk as vanselfsprekend aanvaar is.⁹⁴ Families van verstandelikgestremdes en geestesiektes het slegs bystand versoek indien hulle armoede direk verband gehou het met die gestremde familielid se toestand.⁹⁵

In 1662 is die eerste sogenaamde armhuis in Noord-Amerika in Boston opgerig. Hierin is 'n breë spektrum gestremdes saam met arms gehuisves. Die oprigting van inrigtings wat sou spesialiseer in die huisvesting van gestremdes in Noord-Amerika het egter traag ontwikkel en gevvolglik moes armhuise gestremdes ook huisves.⁹⁶

Tydens die Verligtingsera (wat ongeveer in die 17de eeu 'n aanvang neem) is verskeie sogenaamde malhuise ("madhouses"), onder privaat bestuur regoor Brittanje opgerig.⁹⁷ Die eerste Britse armhuis dateer uit 1697 en teen die einde van die 18de eeu was daar meer as 120 armhuise in Engeland. Armhuise waar gestremdes ook gehuisves is, het in die begin van die 19de eeu vinnig

⁹⁴ Rushton P "Lunatics and Idiots: Mental Disability, the Community, and the Poor Law in North-East England, 1600 – 1800" 1988 *Medical History* 36.

⁹⁵ *Ibid.* Sien ook paragrawe 3.1, 5(f), 6(b)(i) en 6(b)(ii) van hoofstuk 1 *supra*.

⁹⁶ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 22.

⁹⁷ Parry-Jones WL *The Trade in Lunacy: A Study of Private Madhouses in England in the Eighteenth and Nineteenth Centuries* (1972) in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001).

regoor Europa versprei.⁹⁸ Alhoewel institusionele versorgingsgeriewe vir geestesiektes tussen 1650 en 1850 opgerig is, was ondersteuning binne familieverband steeds die hoofbron van versorging in Engeland.⁹⁹

3.3 Die Verligtingsera en die verandering in denkrigting

Die Verligtingsera (Tydperk van rede) is die kultuur-historiese term vir die rewolusionêre verandering in denke in Europa in die 17de eeu. Dit verteenwoordig ’n intellektuele platform vir die ontstaan van die kontemporêre Westerse samelewing, gebaseer op sorgvuldig empiriese waarneming, rasionele ontleding van die natuur en menslike gedrag, en sorgvuldige beoordeling van die verband tussen aanduibare en verklaarbare oorsake en gevolge. Dit lê die grondslag vir wetenskaplike ontleding los van enige bo-natuurlike of religieuse verklarings vir natuurlike, menslike en sosiale verskynsels. Die sieninge van mense soos Francis Bacon, Isaac Newton, John Locke, Spinoza, De Groot, Hobbes, Galileo, Descartes en Leibniz, het in onstaan hiervan ’n deurslaggewende rol gespeel.

⁹⁸ Foucault M *Madness and Civilization* 1965; Devlieger P “Generating a cultural model of disability - Presented at the 19th Congress of the European Federation of Associations of Teachers of the Deaf (FEAPDA), 14-16 October 2005” verwys in sy referaat na Foucault en voer aan dat Foucault “whose contribution it has been to show how our basic understanding of socially important phenomena such as sickness, crime, sex and sexuality are discursively, in example through a language that is shared, developed in a historical process. Foucault did not write about disability but others have applied his ideas to disability (for example Striker). Perhaps of the most challenging aspects of Foucault’s work is that disability is discursively constructed, in other words the work of human beings, and yet in which the impact of the individual players, both those that construct and undergo the discourse, is downplayed.”

⁹⁹ Suzuki A “The Household and the Care of Lunatics in Eighteenth-Century London” in Horden P & Smith R *The Locus of Care: Families, Communities, Institutions, and the Provision of Welfare since Antiquity* (1998) 153. Sien ook paragrawe 2.1 (mediese model van gestremdheid) en 3.1 (maatskaplike welsynsbenadering van gestremdheid) van hoofstuk 1 *supra*.

Die Verligtingsera bring in twee opsigte 'n verandering mee in denkwyse met betrekking tot gestremdes en hoe hulle behandel moet word. Die eerste verandering hou verband met 'n sensoriese benadering tot kennis. Sintuiglike waarneming vorm die basis van 'n nuwe wetenskaplike benadering en van 'n sielkundige en opvoedkundig-gebaseerde ingryp in die toestand van persone met gestremdhede.¹⁰⁰ Ondervinding gegrond op waarneming en rede, grootliks gebaseer op 'n noukeurige ontleding van oorsaak en gevolg, vorm nou die basis van kennis. Dit kom in die plek van irrasionele oortuigings as sou geestesgebreke die gevolg van goddelike straf wees. So, redeneer die sensualiste, kan sosiale en omgewingsverandering teweeggebring word deur die gemeenskap en omgewing te manipuleer.¹⁰¹

Nog 'n verandering in denkrigting tydens die Verligtingsera was die groeiende belangstelling in natuurwetenskappe wat tot bevordering van die mensdom aangewend word.¹⁰² Die ondersoek na, en die meriete van, die natuurwetenskappe is van groot belang by die behandeling van gestremdes.

Wat van belang is van die sensualistiese denkskool, is dat dit 'n verandering in gesindheid teenoor gestremdes meebring. Die sensualiste se inslag blyk byvoorbeeld uit die behandeling van gestremdes by nuwe inrigtings en die beskouing van vrywillige welsynsgroepe teenoor gestremdes.¹⁰³ Die

¹⁰⁰ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 24 .

¹⁰¹ Locke J *An Essay Concerning Human Understanding* 1690 herdruk onder redaksie van Nidditch 1975.

¹⁰² Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 24.

sensualiste met hul nuwe wetenskaplike benadering bring morele dryfvere en middele na vore wat op nuwe konstruktiewe wyses aangewend word om gunstige ingryping in die toestand van geestesiek-persone te bewerkstellig. Soos voorheen in die hoofstuk verduidelik is, het gebreke van 'n fisieke en geestesaard dikwels met armoede gepaard gegaan. Die gevolg was dat opvattings oor armoede en gestremdheid dikwels ineengeweef is.¹⁰⁴ Deur die oprigting van welsynshospitale word die verstrelende begrippe van armoede en gestremdheid moontlik onderskei deur gestremde persone op te neem in 'n welsynshospitaal. In Frankryk is die eerste openbare welsynshospitale in 1612 in Lyon en in 1656 in Parys (waar dit "Hôpital General" genoem is) opgerig. So ook word die Salpêtrier en Bicêtre geesteshospitale vir die doel vir onderskeidelik mans en vroue opgerig.¹⁰⁵

Tydens die Verligtingsera val die klem op wetenskaplike rasionaliteit, maatskaplike vooruitgang en die opkoms van liberale utilitarisme.¹⁰⁶ In politieke terme beteken dit dat beleid wat die meerderheid bevoordeel ten koste van minderhede geregverdig word.¹⁰⁷

¹⁰³ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 23. Sien ook in die verband paragraaf 2.1 (mediese model van gestremdheid) en paragraaf 3.1 (maatskaplike welsynsbenadering van gestremdheid) van hoofstuk 1 *supra*.

¹⁰⁴ Sien paragraaf 5(b) van hoofstuk 1 en paragrawe 2.2 en 3.2 van hierdie hoofstuk *supra*.

¹⁰⁵ *Ibid.* Sien in die verband die bespreking oor die maatskaplike welsynsbenadering in paragraaf 3.1 van hoofstuk 1 *supra*.

¹⁰⁶ Barnes C in Barton L (red) (1996) 56. Sien in die verband paragrawe 2.1 en 3.1 van hoofstuk 1 *supra* wat handel oor die mediese model van gestremdheid en die maatskaplike welsynsbenadering.

¹⁰⁷ *Ibid.*

In dié era word daar nie alleen 'n onderskeid tussen armoede en gestremdheid getref nie, maar word daar ook tussen die verskillende soorte gestremdhede onderskei.¹⁰⁸ Hierdie onderskeid wat tussen persone met gestremdheid getref word, lui die institusionaliseringsera van gestremdes in.¹⁰⁹

3.4 Onderskeid tussen verstandelikgestremdheid en geestesiektes: Die totstandkomming van inrigtings vir geestesiektes

3.4.1 Engeland

Soos paragraaf 3.1 aangedui het, het tersaaklike Engelse regsreëls reeds in die begin van die 13de eeu tussen verstandelikgestremdes en geestesiektes¹¹⁰ onderskei. Hierdie onderskeid het standgehou en is ook in 1590 in Swinburne se omskrywing van verstandelikgestremdheid aangetref. Die omskrywing lui soos volg:¹¹¹

An idiote or natural foole is he who notwithstanding he bee of lawfull age, yet he is so witlesse, that he can not number to twentie, nor can tell what age he is of, nor knoweth who is his father, or mother, nor is able to answer to any such easie question. Whereby it may plainelye appeare that he hath not reason to discerne what is to his profite or damage, though it be notorious, nor is apt to be informed or

¹⁰⁸ Sien paragrawe 4, 5 en 6 van hoofstuk 1 *supra*.

¹⁰⁹ Sien paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra*.

¹¹⁰ Sien paragrawe 6(b)(i) en 6(b)(ii) van hoofstuk 1 *supra*.

¹¹¹ Swinburne *A Brief Treatise of Testaments and Last Willes* (1590) 39 in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001).

instructed by anie other. Such Idiote cannot make testament nor may dispose either of his land, or goodes.

Die onderskeid tussen verstandelikgestremdheid en geestesiekte het ook 'n eeu later in 1690 in John Locke se werk *An Essay Concerning Human Understanding* voorgekom. In hierdie welbekende werk van Locke is soos volg tussen "idiots" en "lunatics"¹¹²onderskei:¹¹³

The defects in [idiots] seem to proceed from want of quickness, activity, and motion in the intellectual faculties, whereby they are deprived of reason: whereas mad men seem to suffer by the other extreme. For they do not appear to me to have lost the faculty of reasoning: but having joined together some ideas very wrongly . . . they argue right from wrong principles . . . But there are degrees of madness as of folly; the disorderly jumbling [of] ideas together, is in some more, and some less. In short, herein seems to lie the difference between idiots and mad men, that mad men put wrong ideas together, and so make wrong propositions, but argue and reason right from them: but idiots make very few or no propositions, but argue and reason scarce at all.

In 1700 is inrigtings vir "idiots, blind" en "cripples" in die graafskappe voorgestel en die parlement het in 1714 'n wet uitgevaardig wat aanhouding van die "furiously mad" (geestesiektes en verstandelikgestremdes) gemagtig het. Alhoewel sulke persone aangehou kon word, is hulle vrygestel van lyfstraf wat op skurke, bedelaars en rondlopers van toepassing was. Verder is daar in 1724 die Bethel Mental

¹¹² Sien paragraaf 5(f) van hoofstuk 1 *supra*.

¹¹³ Locke *An Essay concerning Human Understanding* (1690) herdruk 160.

Hospital in Norwich, en in 1751 die St. Luke Mental Hospital vir geestesiekpersone in Londen geopen.¹¹⁴

Weens die werking van, onder andere die “witch craft acts”, is toestande vir die aanhouding van die “furiously mad” nie gereguleer nie. Kragtens die wette is sogenaamde hekse vervolg en het mense wat as hekse gesien is geen regsbeskerming geniet nie. Veral geestesiekes het tydens heksejagte deurgeloop omdat hulle as hekse beskou is. Soos reeds in afdeling 2.2 *supra* genoem, het hierdie praktyk reeds so vroeg as 1022 in Frankryk 'n aanvang geneem. In 1736 is dié omstreden wette deur die Britse parlement herroep. Herroeping in 1736 van die wette wat heksejagte gemagtig het, is as motivering gebruik vir die verbetering van toestande in hospitale vir geestesongesteldes. Met betrekking tot regulering van toestande in hospitale vir geestesiekes, is die eerste wet wat toestande in privaat *malhuise* (“madhouses”) sou gereguleer in 1774 aangekondig.¹¹⁵

3.4.2 Koloniale Noord-Amerika

In die vroeë 17de eeu het die Puriteine in koloniale Noord-Amerika steeds geglo dat gestremdheid die gevolg van Goddelike straf was. Alhoewel armes die verantwoordelikheid van die gemeenskap in die betrokke stad of dorp was, het die gemeenskap meestal die bedelaars en rondlopers uit

¹¹⁴ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 25. Sien in die verband die gebruik van terminologie in paragraaf 5 van hoofstuk 1 *supra*.

¹¹⁵ *Ibid.*

die stede verjaag. Lyfstraf is gewoonlik as afskrikmiddel gebruik om die verjaagde persone uit die stad of dorp te hou. Slagoffers van hierdie praktyk was gewoonlik die verstandelikgestremdes en geestesiekies wat vir rondlopers aangesien is.¹¹⁶

Die eerste voorsiening vir onderhoud van verstandelikgestremdes dateer terug na 1676 in die kolonie Pennsilvanië. Morton berig in sy omvattende werk *The History of Pennsylvania Hospital 1751 – 1895* dat 'n hof van die Delaware Distrik in 1676 beveel het dat "a small Levy be Laid to pay for the buildings of ye house and the maintaining of ye said madman according to the laws of ye government".¹¹⁷ Later, in 1752, onder leiding van die geneesheer Thomas Bond en Benjamin Franklin het die eerste algemene hospitaal in die Amerikaanse kolonies in Philadelphia tot stand gekom. Versorging van geestesiek persone was onder andere 'n groot motivering vir die oprigting van hierdie hospitaal.

In Pennsilvanië het die getal geestesiekies en verstandelikgestremdes, die "lunaticks or persons distempered in Mind and deprive of their rational Faculties"¹¹⁸ volgens 'n petisie gerig tot die Pennsilvanië Provinsiale Wetgewende Vergadering (Pennsylvania Provincial Assembly) sterk

¹¹⁶ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 26. Sien in die verband paragraaf 5(f) van hoofstuk 1 *supra*.

¹¹⁷ Morton TG *The History of Pennsylvania Hospital 1751 – 1895* (1897) 4 in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001). Sien paragraaf 3.1 van hoofstuk 1 *supra* en die maatskaplike welsynsbenadering, asook paragraaf 5(f) van hoofstuk 1 *supra*.

¹¹⁸ Morton(1897) 8 in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001) en paragraaf 5 en 5(f) van hoofstuk 1 *supra*.

toegeneem. Die persone het blybaar vrylik rondbeweeg en in talle gevalle hul bure geterroriseer. Daagliks het inwoners gevrees dat hierdie mense hulle sou aanrand “[a]nd others . . . continually wasting their Substance, to the great Injury of themselves and Families, ill disposed Persons wickedly taking Advantage of their unhappy Condition”.¹¹⁹ Hierdie groeiende probleem van geestesiekies en verstandelikgestremdes in Pennsilvanië het aanleiding gegee tot die opstel van genoemde petisie, wat later in 1751 in wetgewing vervat sou word. Die petisie vra vir huisvesting van geestesiekies en verstandelikgestremdes. Hierdie huisvesting moes gebied word in 'n klein provinsiale algemene hospitaal vir hierdie persone.¹²⁰ Die hoofargument opgeneem in die petisie was daarop gemik om sowel die toestand van die inwoners van die kolonie,¹²¹ as die toestand van die geestesiekies en verstandelikgestremdes te verbeter.

Aanvanklik is verstandelikgestremdes tydelik in die selle van die algemene hospitaal se keldergeriewe aangehou. Eers vier jaar later is 'n spesiale vleuel vir hierdie doel ingerig. In 1836 is die hoeksteen van 'n afsonderlike gebou, die “Pennsylvania Hospital for the Insane” gelê.¹²² In

¹¹⁹ *Ibid.*

¹²⁰ *Ibid.*

¹²¹ *Ibid.*

¹²² Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 27. Sien ook paragrawe 5 en 5(f) van hoofstuk 1 *supra*.

Morton¹²³ se omvattende historiese werk word behandeling vir “phrenze” (frenzy wat as waansin vertaal kan word) beskryf as:

[d]renched or played upon, alternately with warm and cold water (which may have accounted for some of the pulmonary fatalities elsewhere mentioned). Their scalps were shaved and blistered; they were bled to the point of syncope; purged until the alimentary canal failed to yield anything but mucous, and in the intervals, they were chained by the wrist, or the ankle to the cell wall.

Hierdie grusame beskrywing van die onmenslike behandelingsmetode by die “Pennsylvania Hospital for the Insane” in die 19de eeu, herinner sterk aan marteling, erge mishandeling en vergrype van onskuldige mense in die 20ste eeu, wie se hoop op genesing in die hande van “geneeshere” en “psigiaters” geplaas is.¹²⁴ So word die saad in die “Pennsylvania Hospital for the Insane”, en soortgelyke optrede in ander inrigtings in die 19de eeu, vir latere menseregteskendings op die gebied so gesaai. Hierdie eksperimentering op weerlose geestesiekies en gestremdes sou later in die 20ste eeu mense met afsku en afgryse vervul.¹²⁵

Naas die “behandeling” van persone met geestesiekies is daar ook pensioene vir die versorging van verstandelikgestremdes en geestesiekies

¹²³ Morton(1897)127 in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001).

¹²⁴ Vir meer inligting hieroor sien Moreno J *Undue Risk: Secret State Experiments on Humans* (1999); Russell M *Beyond Ramps – Disability at the end of the Social Contract* (1998) 8; “Wyatt v. Stickney: A Landmark Decision” beskikbaar by <<http://www.adap.net/Wyatt/landmark.pdf>> (laaste besoek op 2008/03/25) wat die toestande in psigiatriese inrigtings in die VSA onthou. Sien ook in die verband paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra* en die mediese model van gestremdheid.

¹²⁵ *Ibid.*

ingestel. Kentucky was een van die eerste Amerikaanse state wat so 'n pensioen ingestel het. In 1793 het dié staat wetgewing aangeneem wat betaling gemagtig het aan arm families, wat nie hul versorgingsplig teenoor 'n verstandelikgestremde of geestesiek-familielid kon nakom nie. 'n Verhoorsisteem is gebruik om die betrokke persoon as idioot óf 'n mal/kranksinnige persoon ("lunatic") te klassifiseer. Hierna is die behoefté aan onderhoud vir die familie vasgestel. Hierdie pensioen- of onderhoudstelsel is deurgaans in Amerikaanse kolonies, en later in die 19de eeu in die vroeë Verenigde State gebruik.¹²⁶

'n Ander Amerikaanse welsynspraktyk was die sogenaamde "bidding out".¹²⁷ Hierdie stelsel wat algemeen in die onderskeie distrikte ("counties") in die Amerikaanse Kolonies en vroeë state voorgekom het, het tot 1820 gegeld. Volgens hierdie stelsel is persone met geestesgestremdhede opgeveil en aan die laagste bieder oorhandig. Die hoogste bodbedrag is aan die bieder gegee om die gestremde of geestesieke vir 'n jaar te versorg.¹²⁸ "Bidding out" het as 'n algemene welsynspraktyk in alle kolonies en vroeë state gegeld. Die praktyk is mettertyd weens koste-oorwegings gestaak.¹²⁹

¹²⁶ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 27. Sien in die verband paragraaf 3.1 van hoofstuk 1 *supra* en die maatskaplike welsynsbenadering.

¹²⁷ Peterson DA *Mad People's History of Madness* (1982) in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001).

¹²⁸ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 27.

¹²⁹ *Ibid.*

3.5 Skole vir dowes en blindes in die 18de eeu

Soos reeds in die inleiding tot hierdie hoofstuk aangedui is, is daar nie altyd duidelik tussen fisiek- en geestesgestremdheid onderskei nie. Die ontstaan van skole vir dowes en blindes in die 18de eeu is dus betekenisvol aangesien dit erkenning verleen aan die behoeftes van hierdie fisiekgestremdes, wat verskil van dié van geestesgestremdes. Hierdie skole het 'n beduidende uitwerking op die benadering ten opsigte van fisiekgestremdes gehad. Vervolgens gaan die ontstaan van hierdie skole hanteer word.

3.5.1 *Skole vir dowes*

Gedurende die 18de eeu is skole vir dowes en blindes in Spanje en Frankryk gestig. Die ontstaan van dowe-onderwrig kan teruggevoer word na die werk van Pedro Ponce de León (gebore in ongeveer 1510) in Spanje. Hy kan as die eerste onderwyser wat dowes onderrig het, beskou word. De León was 'n Benediktynse monnik wat in 'n klooster in San Salvador de Oña in die provinsie van Burgos, Spanje gewerk het. Dit is onbekend presies wanneer hy sy werk begin het. Dit is wel bekend dat hy teen die middel van die 16de eeu 'n skool vir ongeveer twintig studente van ryk Spaanse families in die klooster van San Salvador de Oña begin het. As onderrigmetode het hy vingeralfabet ("manual alphabet") en konvensionele gebare ("conventional signing") gebruik.¹³⁰

¹³⁰ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 28. Sien in die verband paragrawe 6(a)(vi) en 6(a)(vii) van hoofstuk 1 *supra*.

Na De León se dood in 1584 het Juan Pablo Bonet die De León-metodes van dowe-onderrig voortgesit. Hierdie onderrigmetodes is in 1620 deur Bonet in die Spaanse werk, *The Art of Teaching the Deaf to Speak*, gepubliseer.¹³¹ In die 18de eeu het hierdie onderrigmetode weer in Frankryk opgevlam waar dit deur Charles Michael de l'Epée, 'n priester in Parys, voortgesit is. In 1755 het l'Epée die eerste residensiële skool vir dowes in Parys gestig. Hierna word skole vir dowes geleidelik in die loop van die 18de eeu in Frankryk en ander Europese lande gestig.¹³²

Wetenskaplikes en staatslui van oor die hele Europa en die Verenigde State het l'Epée se skool in Parys besoek en filosowe van die Verligtingsera was beïndruk met sy onderrigmetodes. L'Epée het geglo dat alhoewel gebaretaal 'n primitiewe vorm van kommunikasie was, dit buitengewoon doeltreffend by die kommunikasie van dowes gebruik kon word. Na l'Epée se dood het Sicard, voorheen 'n hoof van 'n skool vir dowes in die Bordeaux-streek, sy werk voortgesit. Sicard het in 1816 Thomas Gallaudet van die Verenigde State bygestaan met die oprig van die eerste skool vir dowes in Hartford, Connecticut.¹³³

Die "primitiewe vorm" van gebaretaal het sterk kritiek uitgelok, maar dit het tog kommunikasie met dowes vergemaklik en verhoed dat dowes

¹³¹ Daniels M *Benedictine Roots in the Development of Deaf Education: Listening with the Heart* (1997) in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001).

¹³² Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 28.

¹³³ *Ibid.* Sien in die verband paragraaf 6(a)(vii) van hoofstuk 1 *supra*.

eenvoudig as verstandelikgestremd geklassifiseer word. Hierdie metode van kommunikasie met dowes word vandag steeds gebruik.¹³⁴

3.5.2 *Skole vir blindes*

Valentin Haüy het in 1784 die eerste residensiële skool vir blindes in Parys gestig. Die eerste gebosseerde druk wat gebruik is om blindes te onderrig is ook in die tyd deur Haüy ontwikkel. Hierna is verskeie skole van hierdie aard oral oor Europa en daarna, in 1832, ook in Boston in die Verenigde State gestig.¹³⁵

Die 19de eeu is gekenmerk deur die vinnige toename in die getal residensiële skole vir blindes en dowes. Van groot belang in die 19de eeu was die publikasie in 1829 van Louis Braille se verklarende aantekening met gebosseerde puntkodes. Hierdie gebosseerde puntkodes word steeds vandag as doeltreffende vorm van kommunikasie deur blindes gebruik.¹³⁶

4. 19de eeu

Kenmerkend van hierdie tydperk is die geweldige toename in die getal inrigtings vir persone met geestesgestremdhede en die pogings wat aangewend is om die behandeling en opvoeding van persone met gestremdhede te verbeter. Soos

¹³⁴ Sien paragraaf 6(a)(vii) van hoofstuk 1 *supra*.

¹³⁵ *Ibid.*

¹³⁶ Sien paragraaf 6(a)(vi)(aa) van hoofstuk 1 *supra*.

hieronder aangedui word, is skole en inrigtings vir persone met gestremdhede oral oor Europa en Noord-Amerika gestig.

Persone met geestesgestremdhede wat in hierdie inrigtings gehuisves is, is in 'n toenemende mate as pasiënte behandel en hanteer. Gevolglik kan hierdie ontwikkeling waarskynlik as die oorsprong van die mediese model van gestremdheid¹³⁷ gesien word. Die definiëring en klassifisering van gestremdheid ingevolge die mediese model van gestremdheid is algemeen gedurende hierdie eeu in inrigtings en skole vir gestremdes aanvaar en gebruik.¹³⁸

4.1 Opvoedkundige ontwikkeling

Gedurende die 19de eeu het die getal residensiële skole vir dowes en blindes en gesegregeerde inrigtings vir verstandelikgestremdes en geestesiekies, sowel as skole vir fisiekgestremde kinders grootliks in Europa toegeneem. Anders as wat voorheen aanvaar is, is mettertyd besef dat dowes se spraakgebreke nie die gevolg van verstandelikgestremdheid was nie en dit het vooruitgang op die gebied van terapie vir spraakgebreke in die hand gewerk. Hierdie vooruitgang was in omstredenheid gehul omdat twee teenstrydige wyses van kommunikasie rakende onderrig van dowes, naamlik "oralisme" en "handbare", ten grondslag gelê het.¹³⁹ Daar word vervolgens

¹³⁷ Sien paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra*.

¹³⁸ Devlieger P "Generating a cultural model of disability", referaat gelewer by die 19de Kongres van FEAPDA (European Federation of Association of Teachers of the Deaf) te Geneve, 14-16 Oktober 2005 7. Sien in die verband ook die besprekings in paragraaf 4, 5 en 6 van hoofstuk 1 *supra*.

¹³⁹ Braddock & Parish in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 29.

gefokus op die opvoedkundige ontwikkeling van dowes, fisiekgestremdes en blindes gedurende die 19de eeu.

Ontwikkeling op die gebied van onderrig van dowes blyk veral uit die werk van Jean Itard wat hom in 1800 by die mediese personeel van Sicard se Nasionale Instituut vir Doofstommes in Parys aangesluit het om spraak en gehoor te bestudeer. Itard het veral die opvoedkundige metodes van Jacob Péreire aangewend wat vir onderrig van dowes gebruik is. Jacob Péreire was die eerste professionele Franse onderwyser wat dowe persone onderrig het. Sy metodes was gebaseer op Rousseau se interpretasie van Locke se sensualistiese empiriese sielkunde. Itard het veral gefokus op die individualisering van onderrig oor sensoriese stimulasie, spraakontwikkeling, sosialisering en konsepontwikkeling van kennisoordrag. Itard se werk het sy studente, Edouard Séquin, en Maria Montessori, beïnvloed. Hulle het later hoogs suksesvolle resultate bereik in verband met die onderrig van verstandelik gestremde kinders.¹⁴⁰ Séquin het Itard se werk op die gebied van sensoriese onderrigmetodes verder ontwikkel en het ooreenkoms tussen verstandelikgestremdheid, doofheid en aangebore blindheid geïdentifiseer. Hierdie gestremdhede het twee besondere kenmerke in gemeen: Al drie is vroeg waarneembaar en permanent van aard. Die remediërende metodes wat vir hierdie gestremdhede aangewend is, het ook ooreenkoms getoon. Vir hierdie navorsing is Séquin in 1844 deur die

¹⁴⁰ Braddock & Parish in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 30. Sien paragrawe 5(f) en 6(b) van hoofstuk 1 *supra*.

Franse Akademie vir Wetenskappe vereer en is wêreldwyd gebruik as die standaardverwysingsbron.¹⁴¹

Skole vir fisiek gestremde kinders is ook in die 19de eeu gestig. Die eerste van hierdie skole is in 1832 deur John Nepinak in Beiere gestig. Hierna volg soortgelyke skole elders in Duitsland, Frankryk, Engeland, Switserland en Italië. In hierdie tydperk is die eerste skole wat op industriële opleiding gefokus het ook gestig. Die doel met hierdie opleiding was om kinders vaardighede aan te leer wat op nywerheidsgebied bruikbaar sou wees. Die eerste skool van hierdie aard is in Denemarke gestig en teen die middel van die 19de eeu het programme vir industriële opleiding algemeen in Europa voorgekom. Die programme is in afsonderlike werkswinkels by die betrokke skole vir fisiek gestremde kinders aangebied.¹⁴² Dit is opmerklik dat kinders in hierdie tydvak deur dié werkswinkels op grond van hulle gestremdheid van ander nie-gestremde kinders geskei is. Hierdie program van segregasie van kinders met gestremdhede in aparte werkswinkels by skole, vind die mediese model van gestremdheid.

Opvoedkundige ontwikkeling op die gebied van onderrig vir blindes het ook in die 19de eeu plaasgevind. Alhoewel 'n verklarende aantekening oor Louis Braille se gebosseerde puntkodes in 1829 gepubliseer is, blyk dit dat ander

¹⁴¹ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 30. Dinamiese ontwikkeling op die gebied van ander gestremdhede soos spraak is ook gedurende die 19de eeu opgemerk. In 1810 het John Thelwall die eerste boek met betrekking tot spraakterapie gepubliseer.

¹⁴² Obermann CEA *History of Vocational Rehabilitation in America* (1968) in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001) 29. Sien in die verband paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra* en die mediese model van gestremdheid.

metodes van kommunikasie vir blindes ook in daardie tyd gebruik is.¹⁴³

Hierdie ander metodes is gebruik tot met die finale ondertekening van 'n ooreenkoms tussen die Amerikaanse en Britse komitees wat betrokke was by die skepping van 'n standaardskrif vir blindes.¹⁴⁴ Standaard Engelse Braille is in 1932 na ondertekening van 'n ooreenkoms tussen die onderskeie komitees as eenvormige standaardstelsel aangeneem.¹⁴⁵

4.2 Eerste Noord-Amerikaanse psigiatriese hospitale en residensiële skole

Soos voorheen genoem, het gestremdheid dikwels met armoede gepaard gegaan, en die verblyf wat vir armes in armhuise verskaf is, is ook soms gebruik om gestremdes te huisves. Die eerste armhuis en proto-psigiatriese hospitaal is onderskeidelik in 1662 in Boston en in 1773 in Virginië opgerig. Hierdie soort tehuise het egter nie algemeen in Amerika voorgekom nie. Eers met die aanvang van die Jacksoniaanse periode in die begin van 1820 het hierdie soort inrigtings in groter getalle tot stand gekom. Dit was ook die tydperk van verstedeliking. Demografiese verandering, waaronder grootskaalse immigrasie, het verandering en beroering in die gemeenskap meegebring. Vir die eerste keer in die Verenigde State se geskiedenis is daar

¹⁴³ Daar sal nie verder in hierdie proefskrif met die ander metodes van kommunikasie gehandel word nie.

¹⁴⁴ Vir meer volledigheid met betrekking tot die komitees betrokke by standaardisering kan Roberts FK in Scholl G T (red) *Foundations of Education for Blind and Visually Handicapped Children and Youth: Theory and Practice* (1986) 1 geraadpleeg word.

¹⁴⁵ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 29. Sien in die verband paragraaf 6(a)(vi)(aa) van hoofstuk 1 *supra*.

na oplossings vir sosiale probleme gesoek. Rothman beweer¹⁴⁶ dat inrigtings opgerig is om die maatskaplike probleme van die tyd op te los. Hy beweer ook dat die ontwikkeling van inrigtings nie soseer daarop gemik was om die probleem van geestegestremdheid te hanteer nie. Weeshuise, inrigtings vir geestesiekies, tronke, armhuise en tugskole was eerder die gevolg van geweldige sosiale onrus in die Verenigde State.

Gedurende hierdie periode is die eerste residensiële skool vir dowes in 1817 met die opening van die “American Asylum for the Education of Deaf and Dumb” deur Thomas Gallaudet en Laurent Clerc in Hartford, Connecticut gestig.¹⁴⁷ In 1818 het die tweede skool in New York tot stand gekom en in 1832 is die eerste twee skole vir blinde studente binne maande uitmekaar in onderskeidelik New York en Boston gestig.¹⁴⁸

Die eerste psigiatriese hospitaal vir persone met geestegestremdheide is in 1773 deur die koloniale regering van Virginië opgerig. Die oprig van dié psigiatriese hospitaal moet uitsluitlik aan die invloed van die Engelse koloniale goewerneur, Francis Fauquier, toegeskryf word. Fauquier het dit as sy adellike plig gesien om dieselfde soort inrigting as in Engeland tot stand te bring. Vyf-en twintig jaar daarna, in 1798, is die tweede psigiatriese inrigting in Maryland gestig, waarna ’n derde soortgelyke inrigting eers vyf-en twintig

¹⁴⁶ Rothman DJ *The Discovery of the Asylum: Social Order and Disorder in the New Republic* (1990), hersien, onder redaksie van Boston: Little, Brown in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001) 33.

¹⁴⁷ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 31.

¹⁴⁸ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 32.

jaar later, in 1824, in Kentucky gevvolg het.¹⁴⁹ Die opening van hierdie inrigtings het egter geen invloed op die ander state in Amerika gehad nie.

Die ontwikkeling van psigiatriese inrigtings in die ander state is versnel deur Dorothea Lynde Dix. Dix was 'n Amerikaanse aktivis wat deur 'n kragtige program van stemwerwing by die state se wetgewers en die Amerikaanse Kongres, van die eerste Amerikaanse inrigtings vir geestesgestremdes tot stand gebring het. Dix het bewusmakingsveldtogte geloods wat die haglike toestande waarin die meeste geestesgestremdes aangehou is, aan die kaak gestel. Dix het die land deurkruis ten einde die toestande van geestesiekies in aanhouding te inspekteer. Sy het aan die begin van 1840 spesifiek probeer om die toestande waarin geestesiekies aangehou is te verbeter. Die teikengroep was veral diegene in tronke, die wat by hulle families in haglike omstandighede gewoon het en die persone wat aan die "bidded-out" kontrakte onderhewig was.¹⁵⁰

Nadat Dix deur die land gereis en ondersoek ingestel het na die toestande van aanhouding van geestesgestremdes het sy versoekskrifte opgestel en aan die state se wetgewers gerig. Daarna het sy by die wetgewers probeer steun werf vir die oprig van inrigtings vir geestesgestremdes.¹⁵¹ In haar eerste versoekskrif na afloop van 'n ondersoek aangaande toestande in

¹⁴⁹ *Ibid.*

¹⁵⁰ Meer oor Dorothea Dix en haar werk, sien Brown TJ *Dorothea Dix: New England Reformer* (1998) in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001) 32.

¹⁵¹ Brown TJ *Dorothea Dix: New England Reformer* (1998) in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001) 32.

Massachusetts, het sy die haglike en onmenslike toestande beskryf waarin geestesgestremdes aangehou is. Wat die toestande betref waaronder geestesgestremdes in Massachusetts aangehou is, beskryf sy byvoorbeeld:¹⁵²

. . . [t]he present state of Insane Persons confined within the Commonwealth, in cages, closets, cellars, stalls, pens! Chained, naked, beaten with rods, and lashed into obedience! . . . Irritation of body, produced by utter filth and exposure, incited [one women] to the horrid process of tearing of her skin by inches; her face, neck, and person, were thus disfigured to hideousness.

Weens Dix se bewusmakingsveldtogte en versoekskrifte, is die toestande van geestesgestremdes verbeter. Talle nuwe inrigtings is ook gestig. Dix was vanaf die 1840 tot 1870 betrokke by die oprig of uitbreiding van meer as dertig inrigtings in die Verenigde State en Brittanje. Hierdie inrigtings, onder leierskap van psigiatriese superintendente, het in die algemeen elkeen minder as 300 persone gehuisves. Hierby aansluitend is die nuwe verskynsel van sogenaamde morele behandeling.¹⁵³

Die pioniers op hierdie gebied was Pinel¹⁵⁴ en Tuke.¹⁵⁵ Morele behandeling is 'n meer menslik sielkundige benadering tot die aanhouding en versorging

¹⁵² Dix D *Memorial: To the Legislature of Massachusetts* (1843) 7 in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001) 32.

¹⁵³ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 32.

¹⁵⁴ Philippe Pinel was 'n Franse geneesheer wie se werk instrumenteel was tot die ontwikkeling van 'n meer sielkundige benadering tot die aanhouding van geestesgestremdes. Weiner DB "Philippe Pinel's "Memoir on Madness" of December 11, 1794: a fundamental text of modern psychiatry" 1992 *American Journal of Psychiatry* 725-732.

¹⁵⁵ William Tuke het nuwe meer menslike metodes van behandeling van geestesgestremdes ontwikkel. Kettings waarmee geestesgestremdes aangehou is, is verwyder en 'n meer aangename omgewing van aanhouding is geskep met beter kos en die aanneem van 'n program wat die

van geestesgestremdes in inrigtings. Dié behandeling is gebaseer op menslik psigososiale behandeling aan die hand van 'n etiese kode wat op psigiaters en ander terapeute van toepassing was. Hierdie behandelingsmetode is deels in die psigiatrie of sielkunde en deels in godsdiens en morele besorgdheid gevestig.¹⁵⁶ Kirkbride, die superintendent van die Pennsilvaniëse inrigting, wat hierdie behandelingsmetode gebruik het, het beweer dat “properly and promptly treated, and having this treatment duly persevered in, may be regarded as curable . . . 80% of the time”¹⁵⁷

4.3 Die oorlading van psigiatriese inrigtings en ondergang van die morele behandelingsmetode

Na die oprig van die psigiatriese inrigtings in die Verenigde State gedurende die 19de eeu is talle misdadigers, veral die gevaarlikstes en geestesiekies (in daardie tydvak ook “versteurdes” genoem), deur die gevangenis oorgeplaas na psigiatriese inrigtings. Dit het tot oorbevolking van hierdie inrigtings geleid. Hierdie oorlading van die inrigtings het die superintendente se pogings tot morele behandeling verydel. Weens die enorme getal persone wat in hierdie groot inrigtings aangehou is, het die nodige aandag wat aan

terapeutiese gebruik van ambagstake ingesluit het. Sien “William Tuke (1732 - 1822)” <http://www.bbc.co.uk/history/historic_figures/tuke_william.shtml> (laaste besoek op 30 Mei 2008).

¹⁵⁶ *Op cit* vn 154. Sien ook Walk A “Some Aspects of the “Moral Treatment” of the Insane up to 1854” 1954 *Journal of Mental Science* 807 - 837; en Bockoven JS “Moral Treatment in American Psychiatry” 1956 *The Journal of Nervous and Mental Disease* 167-194.

¹⁵⁷ Kirkbride T *On the Construction, Organization, and General Arrangements of Hospitals for the Insane* (1880), Reprint (1973) 23 in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001) 33.

behandeling gegee moes word afgeneem. Alle aandag is noodwendig aan die blote beheer en bestuur van die groot getalle in die inrigtings bestee. Uiteindelik was die blote bestuur van hierdie groot inrigtings, met talle misdadigers en versteurdes, van groter belang vir die superintendente en behandeling van pasiënte is gestaak. Oplossings soos opsluiting en toesig oor pasiënte het genesingsyfers in die inrigtings laat afneem en geestesiekies is gevvolglik dikwels deur psigiaters as ongeneesbaar geklassifiseer. Die vroeëre optimisme om geestesiekies te rehabiliteer en by hulle familie te hervestig, is vervang deur pessimisme wat die moontlikheid van genesing in die wiele gery het. Pasiënte is gevvolglik aan lewenslange toesig in inrigtings sonder die vooruitsig op genesing onderwerp.¹⁵⁸

Wat betref die klem wat by inrigtings op bestuur en beheer in plaas van behandeling en genesing geplaas is, is die inhoud van die *American Journal of Insanity* vanaf 1844 tot 1900 baie insiggewend. Dit bring aan die lig dat daar verskeie besprekings oor die argitektuur en die bestuur van die inrigtings was. 'n Skamele tien artikels het in hierdie tydperk op die behandeling van pasiënte gefokus.¹⁵⁹

Die enigste voordeel wat die oorlading van inrigtings tot gevolg gehad het, was dat families self innoverende wyses gevind het om na geestesgestremde

¹⁵⁸ Earl P "History and Descriptive Account of the Bloomingdale Asylum for the Insane" (1845) 2 *American Journal of Insanity* 1; Scull A "Psychiatry and Social Control in the Nineteenth and Twentieth Centuries." (1991) 2 *History of Psychiatry* 149. Sien ook paragraaf 5(f) van hoofstuk 1 *supra*.

¹⁵⁹ Sien Rothman DJ (1990) in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (2001) 33 met betrekking tot 'n oorsig oor die *American Journal of Insanity* vanaf 1844 tot 1900 oor die verskeie besprekings oor argitektuur en bestuur van inrigtings; en Scull A *History of Psychiatry* 149.

familielede om te sien. Die staat het ook familieversorging van geestesgestremdes aangemoedig deur aan hierdie families toelae te betaal. Die gebruik van familieversorging was een van die eerste pogings tot staatsgesubsidieerde dienste in die gemeenskap. Omvattende gemeenskapgebaseerde dienste is eers later in die 20ste eeu ontwikkel.¹⁶⁰

Gedurende hierdie tydperk was superintendente van psigiatriese inrigtings in die Verenigde State voorstanders daarvan dat die fasiliteite vir verstandelik gestremde persone afsonderlik van dié vir geestesiek persone voorsien moet word.¹⁶¹ Vervolgens word met ontwikkeling op die gebied van inrigting vir verstandelikgestremdes gehandel.

4.4 Die eerste inrigtings vir verstandelikgestremdes in die Verenigde State

Die eerste residensiële skool vir persone wat verstandelikgestremd was, is in 1848 in Boston in die Verenigde State gestig.¹⁶² Die skool is hoofsaaklik gestig weens die werk van Samuel Gridley Howe wat in 1846 die eerste ondersoek na verstandelikgestremdheid geloods het. Howe is in 1846 deur die Massachusetts-wetgewer aangestel as voorsitter van 'n epidemiologie-komitee wat ondersoek sou instel na verstandelikgestremdheid. In sy verslag het hy verstandelikgestremdheid telkens aan inhoudelike etiologiese

¹⁶⁰ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 33. Sien ook die bespreking in paragrawe 2.1 en 3.1 van hoofstuk 1 *supra*.

¹⁶¹ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 36.

¹⁶² Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 35. Sien ook die bespreking in paragraaf 5(f) van hoofstuk 1 *supra*.

verbindings en die immorele gedrag van hulle ouers gewyt.¹⁶³ Die beskouing oor verstandelikgestremdheid in dié verslag is 'n aanduiding van die sienings gedurende die 19de eeu wat teenoor gestremdheid gekoester is. Gestremdheid is gesien as 'n straf vir oortredings van natuurregreëls, gepleeg deur die geestesgestremde self of deur sy/haar ouers. Dié siening strook met die sonde-en-straf sienswyse oor gestremdheid wat ook in vroeëre periodes bestaan het (paragraaf 2 *supra*). Howe was in 1848 verantwoordelik vir die stig van die eerste skool vir van verstandelikgestremdes.¹⁶⁴ Dit is, in 1848 in die suide van Boston in 'n vleuel van die Perkin Instituut vir Blindes geopen.

Hervey Wilbur, teoloog en skoolhoof, het in Julie 1848 'n klein privaat skooltjie in Barre, Massachusetts, vir kinders met verstandelikgestremdheide gestig.¹⁶⁵ Later het Wilbur hom as superintendent van 'n nuwe inrigting vir verstandelikgestremdes in Syracuse in die staat New York aangesluit. Hierdie inrigting wat in 1855 geopen is, was die eerste inrigting van sy soort wat in die Verenigde State vir hierdie persone tot stand gekom het.¹⁶⁶ Sommige state het eers skole vir verstandelikgestremdes gestig, terwyl ander die inrigtings wat in Barre, Massachusetts en Syracuse, New York gestig is se voorbeeld sou volg. Ses-en-twintig jaar nadat Howe die Verenigde State se

¹⁶³ Howe SG *Report Made to the Legislature of Massachusetts upon Idiocy* (1848) in Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 36.

¹⁶⁴ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 36.

¹⁶⁵ Barre MA *Elm Hill: Private School and Home* (1911) in Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 36.

¹⁶⁶ Fernald WE "The History of the Treatment of the Feeble-Minded" (1893) 21 *Proceedings of the National Conference of Social Work* 203; FitzGerald JF "The Duty of the State towards Its Idiotic and Feeble-Minded." (1900) 1 *Proceedings of the New York State Conference of Charities* 172.

eerste skool vir tien verstandelik gestremde kinders geopen het, het sewe state¹⁶⁷ staatsbeheerde of staatsondersteunende skole gestig en twee privaat inrigtings kon ook in Massachusetts gevind word.¹⁶⁸

Inrigtings vir verstandelikgestremdes het ooreenkoms getoon met die inrigtings wat in die 19de eeu vir persone met geestesiektes opgerig is. Daar word afgelei dat dieselfde program van morele behandeling wat in die inrigtings vir geestesiektes gevolg is, ook in die inrigtings vir verstandelikgestremdes gebruik is. In die inrigtings is verstandelik gestremde persone vaardighede aangeleer wat in hierdie tydvak van nut sou wees. Dié vroeë onderrigmetodes was redelik suksesvol en verstandelikgestremdes is weer as produktiewe werkers in die gemeenskap geplaas.¹⁶⁹

As gevolg van die burgeroorlog van 1861 tot 1865, moeilike ekonomiese toestande en die resessies van die 1870's en 1880's het dit toenemend moeiliker geword om verstandelikgestremdes wat in die betrokke inrigtings opgelei is in die arbeidsmark te plaas, omdat werkgeleenthede uiters skaars was. Aangesien min verstandelik gestremde persone in die arbeidsmark geplaas kon word, het die superintendenten van inrigtings vinnig die waarde

¹⁶⁷ Onder andere Pennsilvanië, Ohio, Connecticut, Kentucky en Illinois.

¹⁶⁸ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 36. Sien in die verband paragraaf 2.1 en die mediese model van gestremdheid, sowel as paragraaf 3.1 en die maatskaplike welsynsbenadering.

¹⁶⁹ Stewart JQA "The Industrial Department of the Kentucky Institution for the Education and Training of Feeble-Minded Children." 1882 *Proceedings of the Association of Medical Officers of American Institutions for Idiotic and Feeble-minded Persons* 236. Sien in die verband paragraaf 2.2 van hoofstuk 1 *supra* en die ooreenkoms met die sosiale model van gestremdheid.

van onbetaalde, inwonende arbeid besef, en die verstandelik gestremde inwoners gebruik om gratis binne die inrigting te werk. Hulle het in die inrigtings se washuise, plase en werkswinkels gewerk en sodoende tot instandhouding daarvan bygedra om bedryfskoste te beperk.¹⁷⁰ Dit het soms tot uitbuiting aanleiding gegee. Hierdie uitbuiting het in sowel psigiatriese inrigtings as inrigtings vir verstandelikgestremdes voorgekom.¹⁷¹

Teen 1880 het die onderrigmetodes wat na verwagting sou meebring dat verstandelikgestremdes weer in die arbeidsmark geabsorbeer word, gefaal. Later het Wilbur en ander voorspel dat inrigtings gebruik sou word om lewenslange beskermende sorg aan persone met geestesgestremdhede te bied. Howe het in 1866 in ’n toespraak die neiging om verstandelikgestremdes weg te sluit ten sterkste gekritiseer en gepleit vir die integrering van hierdie persone tussen nie-gestremde persone.¹⁷² Tog het die state met oprigting en uitbreiding van inrigtings vir verstandelikgestremdes voortgegaan. By baie van hierdie inrigtings is voortgegaan om die inwoners vir instandhoudingswerk te gebruik.¹⁷³

¹⁷⁰ Knight GH “Colony Care for Adult Idiots.” (1891) 19 *Proceedings of the National Conference of Social Work* 107 in Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (eds) (2001) 36.

¹⁷¹ Bartlett FL “Institutional Peonage: Our Exploitation of Mental Patients” (1964) 214 *The Atlantic Monthly* 116.

¹⁷² Sien paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra* en die sosiale model van gestremdheid.

¹⁷³ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (eds) (2001) 37.

Sequin,¹⁷⁴ wat soos Howe skole in die vooruitsig gestel het waar verstandelikgestremdes vaardighede kon aanleer, het gewaarsku teen hierdie neiging. Hy skryf “[l]et us hope that the State institutions for idiots will escape that evil of excessive growth . . . in which patients are so numerous that the accomplished physicians who have them in charge cannot remember the name of each”.

Die inrigtings was slegs gedeeltelik verantwoordelik vir die toenemend neerhalende stigmatisering van verstandelikgestremdes. Gedurende die 19de eeu is persone met fisieke en verstandelike gestremdhede oor die hele Verenigde State en Europa ook tydens sirkusse, kermisse en tentoonstellings “vertoon”. Tydens hierdie vertonings is gestremdes se abnormaliteite oordryf en is hulle as groteske karikature ten toon gestel.¹⁷⁵

4.5 Ontstaan van eugenetika

Die begrip eugenetika is vir die eerste keer in 1865 deur Francis Galton, 'n Engelse wetenskaplike, gebruik. Die betekenis van die woord is gegrond op die Griekse woord eugenēs wat “goed by geboorte” en “edel in erflikheid” beteken. Volgens Galton is eugenetika die “study of the agencies under social control, that improve or impair the racial qualities of future generations either

¹⁷⁴ Sequin E *New Facts and Remarks Concerning Idiocy, Being a Lecture before the New York Medical Journal Association, October 15, 1869* (1870) 21.

¹⁷⁵ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 37. Sien in die verband die bespreking van paragraaf 5 en meer spesifiek paragrawe 5(c), 5(d), 5(f) en 5(h) van hoofstuk 1 *supra*.

physically or mentally".¹⁷⁶ Eugenetika is 'n wetenskaplike, politieke en morele ideologie wat die bevordering van die beste menslike oorerflikheidseienskappe voorstaan en wat geglo het dat swak eienskappe geëlimineer moes word. Die eugenetiese beweging, wat gedurende die 19de eeu prominent voorgekom het, het verder geglo dat verstandelikgestremdheid oorerflik was as 'n Mendeliaanse genetiese karaktereienskap¹⁷⁷ wat die menslike spesie verswak. Hiermee saam is verstandelikgestremdheid in die bevindings van talte studies verbind met misdaad, immorele gedrag en armlastigheid. Hierdie bevindings het die sosiaal-filosofiese denkrikting van die eugenetiese beweging onderteken.

In navolging van hierdie denkriktings is intelligensietoetse teen die einde van die 19de eeu ontwikkel en in stede in die Verenigde State aangewend om verstandelikgestremdes te identifiseer en van die "gewone" samelewing af te sonder. Ten einde te voorkom dat verstandelikgestremdes die Verenigde State binnekomm, moes voornemende immigrante by die hawens van binnekoms intelligensietoetse aflê. Talle onsuksesvolle persone is

¹⁷⁶ "Image Archive on the American Eugenics Movement"
><http://www.eugenicsarchive.org/eugenics/> (laaste besoek op 30 Mei 2008).

¹⁷⁷ Sofair AN & Kaldjian LC "Eugenic Sterilization and a Qualified Nazi Analogy: The United States and Germany, 1930 – 1945" 2000 *Annals of Internal Medicine* 314. Sien ook paragraaf 5(f) van hoofstuk 1 *supra*.

gedeporteer.¹⁷⁸ Verder is verstandelik gestremde kinders na aflegging van dié toetse in afsonderlike, spesiale klasse geskool.¹⁷⁹

Die eugenetiese beweging het selfs medici in die 19de eeu beïnvloed om die dood van babas met gestremdhede aan te help deur lewensnoodsaaklike behandeling te weier.¹⁸⁰

5. 20ste eeu

5.1 Segregasie en die uitbou van instellings vir persone met geestesgestremdhede

5.1.1 *Eugenetika*

In die begin van die 20ste eeu het die eugenetiese beweging verder momentum opgebou. Sosiale hervormers het segregasie voorgestaan en huwelike met persone met gestremdhede is verbied. Sterilisasie van inwoners in inrigtings was aan die orde van die dag en selfs vroue met geestesiektes en vroulike epilepsie-leiers is gesteriliseer. Al was daar mediese bewyse dat die verwijdering van die eierstokke en fallopiese buise geen terapeutiese voordele vir dié vroue ingehou het nie, is

¹⁷⁸ *Ibid.* Sien in die verband ook die bespreking in paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra* en die mediese model van gestremdheid

¹⁷⁹ Braddock D & Parish S in Albrecht G, Seelman KD & Bury M (reds) (2001) 38. Sien ook die bespreking in paragraaf 2.1 en die mediese model van gestremdheid, sowel as paragraaf 3.1 en die maatskaplike welsynsbenadering van hoofstuk 1 *supra*.

¹⁸⁰ *Ibid;* en Jones M en Marks LA “Law and the Social Construction of Disability” in Jones M en Marks AB (reds) *Disability, Divers-ability and Legal Change* (1999) 9.

sterilisasie nogtans uitgevoer, selfs in gevalle van histerie en depressie.¹⁸¹

Die aanvaarbaarheid van hierdie optrede het met verloop van die 20ste eeu die weg gebaan vir verdere menseregteskendings teenoor mense met gestremdhede.

Voorstaanders van die eugenetiese beweging is in hulle optrede gesterk deur die uitspraak in *Buck v. Bell*¹⁸² waarin die Hooggereghof in die Verenigde State in 1927 beslis het dat 'n staat die bevoegdheid het om persone wat verstandelikgestremd is, te laat steriliseer. Talle persone in die Verenigde State het verpligte sterilisasie ondergaan, alhoewel dié beleid nie eenvormig deur al die state toegepas is nie. Kalifornië was egter die eerste staat wat verpligte sterilisasiewetgewing vir verstandelikgestremdes in werking gestel het.¹⁸³

Nazi-Duitsland se eugenetiese sterilisasiewette was op die Kaliforniese model gebaseer.¹⁸⁴ Dié wetgewing in Nazi-Duitsland het aanleiding gegee tot verpligte sterilisasie van tussen 300 000 en 400 000 mense op grond van hul geestesgestremdheid.¹⁸⁵ Die Verenigde State en Duitsland was egter

¹⁸¹ Church A "Removal of Ovaries and Tubes in the Insane and Neurotic" (1893) 23 *American Journal of Obstetrics and Diseases of Women and Children* 496. Sien ook paragraaf 2.1 en die mediese model van gestremdheid in hoofstuk 1 *supra*.

¹⁸² 274 U.S. 200 (1927).

¹⁸³ Gottschall J "The Cutting Edge: Sterilization and Eugenics in California, 1909-1945" ><http://www.gottshall.com/thesis/article.htm> (laaste besoek op 30 Mei 2008).

¹⁸⁴ Reilly PR *The Surgical Solution: A History of Involuntary Sterilization in the United States* (1991) 118; en Jones M en Marks LA in Jones M en Marks AB (reds)(1999) 9.

¹⁸⁵ *Ibid.*

nie die enigste lande wat persone met gestremdhede gesteriliseer het nie. Denemarke en Swede het vanaf 1930 tot 1945 'n aktiewe sterilisasieprogram gevolg.¹⁸⁶ Ook elders in die wêreld, insluitend Engeland, is dit algemeen toegepas.¹⁸⁷ Nêrens was dit egter so erg soos in Nazi-Duitsland nie, waar mense met psigiatriese of oorerflike siektes ingevolge die 1933-wetgewing verpligte sterilisasie moes ondergaan.¹⁸⁸ Strous verwys in dié verband na die Beierse Gesondheidsinspekteur, Walter Schultze, wat in 1933 voor die Münchense Mediese Akademie verklaar het dat die grootskaalse sterilisasie nodig was "to stop the horde of psychopaths, feeble-minded and other inferior types from threatening the German people".¹⁸⁹

5.1.2 Persone met geestesgestremdhede en eutanasie (genadedood)

Die eutanasieprogram (of hier meer van pas die verpligte dodingsprogram) is reeds voor die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland gevolg. Volgens Wolfensberger¹⁹⁰ is dit belangrik om daarop te let dat dié program 'n Westerse wetenskapsfenomeen was, en nie tot Duitsland beperk was nie. Dit het weliswaar in Duitsland binne die mediese

¹⁸⁶ Trombley S *The Right to Reproduce: A History of Coercive Sterilization* (1988).

¹⁸⁷ Strous RD "Hitler's Psychiatrists: Healers and Researchers Turned Executioners and Its Relevance Today" (2006) 14 *Harvard Review Psychiatry* 33.

¹⁸⁸ Strous RD (2006) 14 *Harvard Review Psychiatry* 31.

¹⁸⁹ *Ibid.* Sien ook in die verband paragraaf 5 en meer spesifieker paragraaf 5(f) van hoofstuk 1 *supra*.

¹⁹⁰ Wolfensberger W "The extermination of Handicapped People in World War II Germany" (1981) 19 *Mental Retardation* 1.

kultuur, en onder invloed van moderne intellektualisme, akademieïsme en skiëntisme ontstaan.

'n Projek bekend as "T4"¹⁹¹ was reeds lank voor die Tweede Wêreldoorlog 'n aanvang sou neem in Duitsland in werking. "T4" wat 'n genadedoodprojek was, was van toepassing op mense met geestesgestremdhede en kinders met mediese en neurologiese siektes onder die hele Duitse bevolking (en nie net op Jode nie). Volgens die program is mense van staatsweë om die lewe gebring. Die regverdiging daarvoor word uitdruklik in Binding & Hoche se *Die Freigabe der Vernichtung lebensunwerten Lebens; ihr Mass und ihre Form* (1920/1975) gepropageer.¹⁹² Ter uitvoering van die projek is meer as 70 000 mense met geestesversteurings en kinders met mediese en neurologiese siektes in die naam van rassuiwering vermoor. Die projek is amptelik in 1941 gestaak nadat familielede van die slagoffers daarvan bewus geword het, maar nie-amptelik het dit nog jare daarna voortgeduur. Strous¹⁹³ verwys soos volg na die Nazi geneesheer, Fritz Klein, se standpunt in die verband:

. . .Fritz Klein coldly defended the murders by stating that while he as a doctor found it critical to preserve life, he also knew that aggressive steps – such as removal of a gangrenous appendix – were sometimes required to preserve life. And in his view, these children, as well as

¹⁹¹ "T4" verwys na die sentrale koordineringskantoor se adres, No. 4 Tiergartenstrassen, in Berlyn, Duitsland.

¹⁹² *Op cit* vn 187.

¹⁹³ Strous RD (2006) 14 *Harvard Review Psychiatry* 32.

Jews, were no more than a gangrenous appendix of mankind that needed to be excised.

Diegene wie se lewens nie die moeite werd was nie,¹⁹⁴ is deur mediese dokters en psigiaters by wyse van “genadedood” om die lewe gebring.¹⁹⁵ Daar is gepoog om die moorde op gestremdes te regverdig met utilitaristiese argumente van politici waarmee professionele medici en psigiaters hulle vereenselwig het.¹⁹⁶ So word Alfred Hoch, 'n vooraanstaande Duitse psigiater,¹⁹⁷ deur prominente Nazi-leiers aangehaal met die woorde: “[the] principle of allowable killing should be extended to the incurable sick. . . [t]he right to live must be earned and justified, not dogmatically assumed”. Hoch het aangevoer dat diegene wat psigiatriese inrigtings vol sit, wat hy “ballast lives” en “empty husks” genoem het, geen waardering vir die lewe het nie. Hulle uitwissing is volgens Hoch toelaatbaar en menslik.¹⁹⁸

¹⁹⁴ Binding K & Hoche A *Die freigabe der vernichtung lebensunwerten lebens: Ihr mass und ihre form.* (1920).

¹⁹⁵ Tussen 200 000 en 275 000 mense is tussen 1939 en 1945 so gedood. Sien Wolfensberger W (1981) 19 *Mental Retardation* 1.

¹⁹⁶ Burleigh M “Psychiatry, German Society, and the Nazi ‘Euthanasia’ Programme” (1994) 7 *Social History of Medicine* 213.

¹⁹⁷ Hy het ook saam met 'n professor in die regte, Rudolf Binding, die boek *The Permission to Destroy Unworthy Life* gepubliseer (ook in Binding K & Hoch A “Permitting the destruction of unworthy life: its extent and form” (1992) 8 *Issues Law Med* 231). Sien die oorspronklike werk van Binding K & Hoche A *Die freigabe der vernichtung lebensunwerten lebens: Ihr mass und ihre form* (1920).

¹⁹⁸ Sien ook Russell M *Beyond Ramps: Disability at the End of the Social Contract* (1998) 18.

Alhoewel die eutanasieprogram amptelik in 1941 beëindig is, het ’n addisionele 100 000 pasiënte vanaf 1941 tot 1945 weens doelbewuste verhongering in Duitse psigiatriese inrigtings omgekom. Dr. Hermann Pfannmuller, psigiater en direkteur van die prominente *Eglfing-Haar* inrigting vir kinders, het hom daarop geroem dat hy die ongewenste kinders stelselmatig van die honger laat doodgaan het.¹⁹⁹ In Pfannmuller se woorde was dit “die eenvoudigste metode”.²⁰⁰

Die afsondering van gestremde mense, waaronder ook kinders, in dié inrigtings het van hulle maklike teikens vir mediese eksperimente gemaak. Talle eksperimente is op hierdie mense uitgevoer voor hulle vermoor is.

5.1.3 Eksperimentering met persone met geestesgestremdhede

Die mishandeling van gestremdes was nie beperk tot die optrede van Nazi-psigiaters en medici nie. In 1942 publiseer die *American Journal of Psychiatry* ’n artikel²⁰¹ waarin ’n vooraanstaande New Yorkse neuroloog, Foster Kennedy, hom openlik uitspreek ten gunste van die doodmaak van

¹⁹⁹ Strous RD (2006) 14 *Harvard Review Psychiatry* 33.

²⁰⁰ Lifton RJ *The Nazi doctors: medical killing and the psychology of genocide* (1986) 90; Friedlander H *The origins of Nazi genocide: From Euthanasia to the Final Solution* (1995) 112.

²⁰¹ Kennedy F “The problem of social control of the congenital defective: Education, sterilization, euthanasia” 1942 *American Journal of Psychiatry* 13.

verstandelik gestremde kinders ouer as vyf jaar wat hy beskryf as “those hopeless ones who should never have been born – nature’s mistakes”.²⁰²

Verstandelikgestremdes van die Wrentham en Fernald inrigtings in Massachusetts is onderwerp aan eksperimente wat behels het dat hulle voedsel moes eet wat met radioaktiewe elemente behandel is. Nog die proefkonyne nog hulle ouers is vooraf ingelig. Hierdie onwettige navorsing het vanaf 1946 tot 1973 geduur.²⁰³ Inwoners van Willowbrook inrigting in New York is ook sonder hulle medewete of ingeligte toestemming in die naam van mediese eksperimentering aan hepatitis B blootgestel.²⁰⁴

5.2 Politieke bewusmaking en aktivisme

Vanaf die 1950's het vriende, familie en ouers van persone met gestremdhede hulself wêreldwyd ter wille van hierdie persone begin organiseer. In hierdie tydperk is talle nasionale en internasionale organisasie vir die voorkoming en behandeling van gestremdheid gestig. Kwessies soos die behoefte aan beter diens; toestande in inrigtings vir mense met geestesgestremdhede; en die ontwikkeling van skole en werkswinkels vir persone met geestesgestremdhede het ook aandag gekry.²⁰⁵ Die

²⁰² *Ibid.* Sien ook in Strous RD (2006) 14 *Harvard Review Psychiatry* 35 en ook paragrawe 5(c) en 5(d) van hoofstuk 1 *supra*.

²⁰³ Moreno J (1999) 10, 213 – 219.

²⁰⁴ Rothman DJ & Rothman SM *The Willowbrook Wars* (1984); Sien ook Moreno J (1999) 10, 210, 213 - 219 vir meer inligting rakend mediese eksperimentering op persone.

²⁰⁵ Sien paragrawe 2.2 en 3.2 van hoofstuk 1 *supra*.

geskiedkundige ontwikkeling na die Tweede Wêreldoorlog en veral vanaf die 1950's sal in die volgende hoofstukke as deel van die agtergrond tot die inhoud van die betrokke hoofstuk bespreek word.

6. Gevolgtrekking

Uit wat tot dusver in hierdie hoofstuk bespreek is, blyk dat vanaf die Ou-Testamentiese tyd tot die Middeleeue die klem op die demonologiese etiologie van gestremdheid geval het. Gestremdheid is in hierdie tydperk aan straf en sonde gewyt. Dié siening was dat gestremdheid klaarblyklik deur sonde veroorsaak is. Dit was die straf vir sonde. Dít is duidelik dat die oorsprong van die sonde-en-straf sienswyse van gestremdheid, waarvan tekens steeds selfs vandag te bespeur is, in hierdie tydperk te vinde is. Persone met gestremdhede is egter nie gedurende hierdie tydperk summier uit die gemeenskap verwijder nie. Weens die feit dat gestremdheid dikwels met armoede gepaard gegaan het, was opvattings oor gestremdheid en armoede dikwels ineengeweef. Armoede was ook tradisioneel in Christelik-Europese lande met die volgelinge van Jesus geassosieer. Gestremdheid en armoede bring skuldgevoelens mee en ontlok barmhartigheid deur die gee van aalmoese. Die nie-gestremdes word sodoende gekonfronteer met die vrae na wat hulle verpligtinge teenoor gestremdes is en wat die gestremde se plek in die sosiale orde behels.

Gemeenskappe reageer op twee uiteenlopende wyses op gestremdheid. Aan die een kant is daar die menslikheidsgevoel wat die behoeftte stimuleer om hulp te verleen en om die insluiting van die gestremdes in die gemeenskap se sosiale

orde te bewerkstellig. Aan die ander kant, was daar die neiging tot “sosiale beheer” waarvolgens gestremdes, veral geestesgestremdes, in inrigtings geplaas moet word en van die nie-gestremde gemeenskap uitgesluit moes word.

In die Vroeë Moderne tydperk tot die 18de eeu is gepoog om gestremdes van die res van die gemeenskap af te sonder. Daarmee het die institutionele geskiedenis oor gestremdheid aangebreek. Institusionalisering het egter nie net verwydering van gestremdes uit die gemeenskap meegebring nie. Dit was ook die teelaarde vir menseregteskendings en die opkoms van eugenetika in die 19de eeu. Dit het die weg gebaan vir verskynsels soos onderdrukking, segregasie en uitbuiting van en diskriminasie teen gestremdes in die 19de en 20ste eeu.

Soos aangetoon, het die Vroeë Moderne era verreikende gevolge vir persone met gestremdhede ingehou. Die oortuigings, wat in die tydperk toenemend aanhang geniet het dat gestremdes van demone besete was, is in dié tyd van die Renaissance vervang met 'n soeke na 'n antwoord op die vraag in hoeverre die rede vir "besetenheid" in 'n ander siektetoestand geleë is. Demonologie is dus nie meer as die enigste oorsaak van geestesgestremdheid gesien nie. Hierdie beskouing het die era van die mediese ingryping ingelui, wat tot diep in die 20ste eeu wye aanvaarding geniet het. Daarvolgens is gestremdheid 'n siekte, die persoon met 'n gestremdheid is 'n pasiënt en die inrigting gebruik as 'n vorm van mediese behandeling.

In die Vroeë Moderne tydperk is ledigheid en armoede gekriminaliseer en gereguleer. Dit het 'n direkte impak op persone met gestremdhede gehad. Die institutionele oplossing vir hierdie probleem was die stig van armhuise waarin

onder andere gestremdes gehuisves is. Vir die eerste keer is daar ook besef dat gestremdheid en geestesiekte nie noodwendig as 'n onveranderlike gegewe aanvaar moes word nie, maar dat daar ingegryp kon word om hierdie toestande teë te werk. Die oortuiging was toenemend dat die mens verbeter kan word en selfs volkome kon herstel. Al wat nodig was, was ingryping onder meer deur die inrigtings wat in hierdie tydperk tot stand gekom het. Die begeerte na 'n volmaakte leefwêreld en volmaakte liggaam wat in die Vroeë Moderne era op die voorgrond getree het, het ook in die 20ste eeu op die voorgrond getree in inrigtings en tehuise vir gestremdes. Dit alles was steeds in terme van die mediese model waarvolgens mense met gestremdhede in die eerste plek as siek mense beskou is, wie se toestand mediese ingryping vereis het.

Vanaf die Vroeë Moderne tydperk is daar sistematies onderskei tussen persone wat verstandelikgestremd is en diegene wat geestesiek is. Dit is juis hierdie sistematiese onderskeid en klassifisering wat nie net in die Vroeë Moderne tydperk nie, maar ook vandag nog tot diskriminasie, vooroordeel en onderdrukking van gestremdes aanleiding gee.

Die revolusionêre denkpatroon in die Verligtingsera het pogings aangemoedig om behandeling vir gestremdes te ontwikkel. Omvattende onderrigsmetodes vir sowel dowes as blindes het in hierdie era 'n aanvang geneem. Die gevolg hiervan was talle uitbreidings van bestaande inrigtings vir geestesgestremdes, die totstandkoming van nuwe inrigtings en die oprig van residensiële skole vir sowel dowe as blinde persone.

Gedurende die tydperk kort voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog het die toenemende invloed van eugenetika as sodanig ernstige menseregtevergrype meegebring. Dieselfde invloed het aanleiding gegee tot uiterste vorme van menseregteskendings teenoor persone met gestremdhede, huis vanweë hulle gestremdheid. In dié verband word gedink aan sterilisasiewetgewing ingevolge waarvan op uiters kwetsende wyse teen persone met gestremdhede gediskrimineer is.

In die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog, het die opvattings oor gestremdheid stelselmatig verander. Hierdie veranderende benadering en die uitwerking daarvan op internasionalevlak, in Europa, die Verenigde State van Amerika en uiteindelik ook Suid-Afrika, word in die hoofstukke hieronder bespreek.

Die historiese oorsig oor die beskouings en benaderings van die samelewing tot en hantering van persone met gestremdhede bring diepgaande wanopvatting en vergrype aan die lig. Tog het daar mettertyd positiewe ontwikkeling op internasionalevlak ingetree. Hierdie ontwikkeling word in die volgende hoofstuk van nader beskou.

~ooOoo~